



# HOOFSTUK 1: ORIËNTERING

## 1. AKTUALITEIT EN PROBLEEMSTELLING

### 1.1 DIE WÊRELD IN 'N EKOLOGIESE KRISIS

#### 'N SOMBER TONEEL

Die versnellende tempo waarteen die aarde tans vernietig word, is 'n bron van groot kommer. Die aarde se biologiese sisteme soos voedselkettings en habitate, fisiese sisteme soos watersiklusse en die oseaan word by die dag verder vernietig. Die probleme van ons tyd soos droogte, hongersnood, toenemende armoede, die styging in die atmosfeer se temperatuur, die uitbreiding van woestyne, ontbossing, besoedeling van die lug, see en land, die uitwissing van diere- en plantspesies kan alles as simptome van die siekte van ons tyd gesien word - die ekologiese krisis.

Die dringendheid van die ekologiese krisis kan geïllustreer word deur die wêreldwye belangstelling in die Aardesmitsberaad in 1992. Reeds voor dié beraad was die opkoms van politieke partye soos die "Groenes" in Wes-Duitsland, wat hulle beleid hoofsaaklik op omgewingstrategieë bou, simptome van die groeiende bewussyn van die belang van 'n gesonde ekologiese beleid (Du Plessis 1991:195).

Dat hierdie belangstelling nie maar net nog iets is wat sal kom en sal gaan nie, blyk uit die onafwendbaarheid van die huidige ekologiese krisis. Die volgende losstaande feite gee 'n aanduiding van die mens se oorskryding van die perke van vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping (WCC 1990:3).

- Elke **minuut** word daar USD 1,8 miljoen vir die vervaardiging van wapentuig gebruik.
- Elke **uur** sterf 1 500 kinders aan hongerverwante siektes as gevolg van armoede.
- Elke **dag** is daar ten minste een plant- en dierspesie wat uitsterf. Daar word verder beraam dat meer as 35 000 plant- en dierspesies teen die jaar 2000 uitgewis sal wees (Przewozny 1992:41).
- Elke **maand** word daar USD 7,5 biljoen toegevoeg tot die Derde Wêreld se globale skuldias van USD 1 500 biljoen.
- Elke **jaar** word daar 'n gebied van tropiese reënwoude gelykstaande aan 'n driekwart van die grootte van Korea uitgewis.



- Indien die globale verwarming teen die huidige tempo voortduur, sal die aarde se huidige temperatuur met tussen 1,5 en 4,5 grade Celsius per dekade styg. Dit sal lei tot 'n styging in die seevlak met katastrofale gevolge.

Die volgende losstaande feite gee 'n aanduiding van die mens se oorskryding van die perke van **vrede**:

- In 1987 alleen het die wêreldwye militêre begroting tot 'n rekordvlak van USD 970 biljoen gestyg. Hoewel die hervormingsproses in Rusland 'n daling in militêre uitgawes teweeggebring het, het die dalende begroting van USD 885 biljoen van 1990 neergekom op USD 100 biljoen per uur (Harrison 1993:448).
- In 1945 was daar slegs drie atoombomme in die wêreld, maar in 1989 sou daar reeds 57 000 wees! (WCC 1990b:17).
- Meer as 81 groot oorloë is sedert 1960 en meer as 100 sedert die Tweede Wêreldoorlog geveg (WCC 1990:9).
- In die tagtigerjare van ons eeu was daar nie minder nie as 29 burgeroorloë en ses internasionale oorloë (Harrison 1993:449).
- In 1989 was die militêre begrotings van Derdewêreldlande sewe keer meer as in 1960 (WCC 1990:11).

Die volgende losstaande feite gee 'n aanduiding van die mens se oorskryding van die perke van **geregtigheid**:

- Volgens 'n Verenigde Nasie-verslag word 950 miljoen mense die reg tot die mees basiese lewensnoodsaaklikhede ontsê. Die verslag meld dat daar daaglik ongeveer 40 000 kinders sterwe as gevolg van hongerverwante siektes, terwyl 30 miljoen mense jaarliks as gevolg van ondervoeding sterf (WCC 1990:4).
- Daar word beraam dat 1,7 biljoen arm mense geen toegang tot skoon water en 1,2 biljoen nie voldoende sanitêre geriewe het nie (Przewozny 1992:42).
- Die armste vyfde van die wêreldbevolking verdien minder as twee persent van die wêreld se ekonomiese produksie, terwyl die rykste vyfde 74 persent daarvan verdien (WCC 1990:4).
- Volgens The International Labour Organisation, het drie uit elke tien arbeiders in die Derde Wêreld sedert 1960 geen verhoging in inkomste verdien nie. In die meeste gevalle het hul inkomstes afgeneem (WCC 1990:4).
- Bevolkingsgroei veroorsaak dat daar jaarliks 60 miljoen mense in die ontwikkelende lande van die wêreld is vir wie werk geskep moet word (Przewozny 1992:42). Omgewingsagteruitgang en 'n onregverdige ekonomiese wêreldstelsel maak dit 'n onmoontlikheid.



Die volgende losstaande feite gee 'n aanduiding van die mens se oorskryding van die perke van **die heelheid van die skepping**:

- In 1991 is daar deur die industriële lande van die wêreld USD 110 biljoen bestee aan navorsing en ontwikkeling waarvan 47% gebruik is vir militêre navorsing en ontwikkeling, 4% vir energienavorsing en 1% vir navorsing op die beheer van omgewingsbesoedeling (WCC 1992b:42).
- In hierdie eeu alleen is die helfte van al die tropiese reënwoorde in die Derde Wêreld uitgewis (WCC 1990:14).
- Daar word bereken dat daar jaarliks 'n verdere 20 miljoen hektaar van die oorblywendé tropiese reënwoorde uitgewis word (WCC 1990:14; WCC 1990b:39). Volgens die huidige tempo van uitwissing kan alle reënwoorde teen die einde van die derde dekadé van die volgende eeu geheel en al uitgewis wees (WCC 1990:14). Die gevolge van hierdie snelle ontbossing lei tot droogtes en atmosferiese veranderinge as gevolg van die verhoging in koolstofdiksiedvlakke. Verder lei dit tot die uitwissing van talle spesies (WCC 1990:14). Daar word gereken dat vloede soos dié in Bangladesh in 1988 die direkte gevolg van grootskaalse ontbossing is (WCC 1990:14). Ontbossing dra verder by tot die kweekhuiseffek op twee maniere: (1) Wanneer bome afgekap en die hout verbrand word, word groot hoeveelhede koolstof vrygelaat in die atmosfeer. (2) Die verlies aan bome lei daartoe dat die aarde se atmosfeer nie na behore gereinig kan word van koolstofdiksied nie, aangesien die bome as die aarde se longe dien (WCC 1990b:39).
- Tropiese reënwoorde word teen 'n tempo van elf miljoen hektaar per jaar uitgewis. In 1986 is daar 30 718 hektaar se woude in Europa alleen beskadig (WCC 1990:3).
- 'n Beraamde 26 biljoen ton landbougrond word jaarliks verloor (Przewozny 1992:41).
- Ongeveer ses miljoen hektaar nuwe woestynland word jaarliks as gevolg van swak omgewingsbestuur gevorm (Przewozny 1992:41).
- Meer as 2 500 aflaatplekke vir gifstowwe moet in die VSA skoongemaak word en die hoeveelheid soortgelyke plekke in die res van die wêreld is in dié stadium onbekend (Przewozny 1992:42).

Die mens se oorskryding van die grense van vrede, geregtigheid en die heelheid van die skepping lei tot ernstige versteurings in die fyn en komplekse balans van God se skepping.



## OMVANG VAN DIE KRISIS

Die omvang van die ekologiese krisis is so wyd dat geen enkele studie eers die spreekwoordelike punt van die ysberg van dié krisisserskynsel sal kan beskryf nie. As gevolg van die omvangrykheid en veelgeskakeerdheid van die krisis meen Von Weizsäcker (1988 [1987]:23) dat die hoogtepunt van die krisis nog voor ons lê: die gevolge van die armoedevraagstuk, bevolkingsgroei, dreigende wêreldoorloë en die wetenskap en tegniek wat medeverantwoordelik is vir die belemmering van 'n lewensewewig en die versteuring van ekologiese harmonie.

Omdat die omvang van die krisis so wyd is, bestaan daar verskeie maniere om aspekte rakende die ekologiese krisis in 'n globale perspektief te belig.

- Engelbrecht (1988) sien die krisis gesetel in vier komponente, naamlik: eksponensiële bevolkingsgroei, die uitputting en verbruik van die aarde se hulpbronne, die besoedelingsprobleem, en die ongekontroleerde welvaart en beskawingsdruk van ons tyd (Le Roux 1991:114).
- Duchrow en Liedke (1989:17-19) stip die volgende verskynsels aan: lugbesoedeling, suurreën, die oorbenutting van visbronne, kuswaterbesoedeling, grond- en bodemvernietiging, die uitwissing van plant- en dierspesies, vullisopeenhoping, radioaktiewe gevaar, siektes, massatoerisme, militêre bewapening en bodemuitputting (Le Roux 1991:126-127).
- De Witt (1993:135-136) verdeel die ekologiese krisis in sewe komponente, naamlik: klimaatsverandering, gronderosie, ontbossing, die uitwissing van plante- en dierspesies, die verswakking van watergehalte, besoedeling en kultuurverdringing.

By nadere ondersoek blyk dit dat elkeen van hierdie navorsers dieselfde aspekte aanstip, maar dat hulle dit onder verskillende hoofde plaas om sodoende 'n spesifieke lig te werp op die doel van elk se betrokke studie.

Huber se driedeling van die krisis is myns insiens die mees bruikbare manier waarop daar na die krisis gekyk kan word. Volgens hom vertoon die krisis drie fasette: geweld, onreg en natuureksploitasie. Volgens Huber (1988:4) sal ekologiese harmonie impliseer dat geweld, onreg en natuureksploitasie aangespreek moet word. Die waarde van Huber se driedeling bestaan daarin dat dit aansluit by die wyse waarop die Wêreldraad van Kerke in sy ekologieprogram: Justice, Peace and the Integrity of Creation, die krisis aanspreek.





## OORSAKE VAN DIE EKOLOGIESE KRISIS

Die feit dat die aarde tans in 'n ekologiese krisis verkeer is nie iets wat vanself ontstaan het nie. Agter dié krisis lê 'n veelheid van aanleidende faktore. Stapert en Van der Poll (1989:84) sien die oorsaak gesetel in vier hoofkomponente, naamlik: individuele besit, die toename in rykdom, bevolkingsgroei en verstedeliking. By nadere ondersoek moet die begin van die ekologiese krisis teruggelei word na die begin van die menslike geskiedenis (vgl Nürnberg 1987:45). Die ironie in so 'n vertrekpunt is: die Bybel leer dat die mens in God se skepping arriveer as die kroon van Sy skepping, maar tog (terugskouend bekyk) die vernietiger van God se skepping is. Hierdie gegewe ironie bestaan wel en mag daarom nie ontken word nie. Wat egter binne die regte perspektief gesien moet word is dat die mens vóór die sondeval goed geskape was en tot die goeie in staat was, terwyl die Bybel die mens ná die sondeval beskryf as 'n gevalle wese wat geneig is tot alle kwaad. Wanneer daar dus vanuit teologiese perspektief gepraat word oor die ekologiese krisis sal daar altyd in gedagte gehou moet word dat die ekologiese krisis die resultaat is van die gebroke werklikheid as gevolg van die sonde van die mens. Dit is die gevallenheid van die mens wat daartoe aanleiding sou gee dat vrugbare en eens digbewoude landskappe omskep is in woestyne en besoedelde plakkerstede wat die gevolge is van mensgemaakte strukture van onreg en eksploitasie. Dit is die sondaarmens wat sou veroorsaak dat God se harmoniese skeppingsbalans in so 'n mate versteur raak dat daar in ons eeu gepraat word van 'n ekologiese krisis.

Omdat die oorsaak van die ekologiese krisis by die sondaarmens gesoek moet word kan die Christendom dus nie per se verantwoordelik gehou word vir die krisis nie. Om dié rede beweer Simkins (1994:6):

*"Christianity is not the culprit in the environmental crisis. The causes of the current crisis are complex and diverse."*

In aansluiting hierby beweer ook Oelschlaeger (1994:3) dat alle mense medeverantwoordelikheid vir die krisis dra:

*"We are the environmental crisis, and it is primarily our philosophies, economies, and governments that motivate and direct the devastating onslaught against the earth."*

Wanneer ek dus in hierdie studie die verband tussen sending en die ekologiese krisis ondersoek, wil ek geensins daardeur die skuld volledig voor die deur van die sending laat nie. Dit beteken egter nie dat die Christendom van alle blaam onthef kan word nie. Die bydrae van die Christendom sal egter gesoek word in die mate waartoe die Christendom meegewerk het aan die daarstelling van die nuwe wêreld met sy strukture van onreg.



## 1.2 DIE SENDING IN 'N KRISIS

### KRITIEK VANUIT EIE GELEDERE

Nêrens in die geskiedenis van die Christendom was daar 'n tyd dat die sending homself nie in 'n krisis bevind het nie. Hierdie toedrag van sake beskou Bosch (1991:2) as 'n normale verskynsel, omdat die krisis meestal te doene gehad het met kritiek wat van buite af op die sending gerig was. Wat egter die krisis in ons tyd anders maak, is die feit dat die krisis hedendaags te make het met kritiek wat vanuit eie geledere kom. Hier dink 'n mens veral aan missioloë soos RK Orchard se **Missions in a Time of Testing**; James A Scherer se **Missionary Go Home**; Ralph Dodge se **The Unpopular Missionary** en John Carden se **The Ugly Missionary** wat almal in een jaar, 1984, verskyn het. In 1981 karakteriseer James Heissig Christelike sending as "the selfish war". Wat sou veroorsaak dat die sending ewe skielik in eie geledere krities bevraagteken word?

### DIE KERK UIT VOELING MET DIE NOOD IN DIE WÊRELD

Hoewel 'n mens 'n veelheid van faktore sou kon opnoem, hou een van die mees vername punte van kritiek in ons tyd verband met die feit dat die kerk uit voeling geraak het met die nood van die moderne wêreld.

Meiring het reeds in 1971 insake die traagheid van kerklike optrede die volgende vrae aan die kerk gestel (in Lategan 1993:26):

*"Wie was dit wat die eerste keer protes aangeteken het teen die wreedheid en sondigheid van slawerny? Nie die kerk nie, maar 'n groep Engelse Parlementslede! Honderd jaar gelede was daar in Europa groot armoede en ellende en verdrukking van swakkes deur die rykes. Wie het iets daaraan probeer doen? Nie die kerk nie, maar Karl Marx, die vader van die moderne kommunisme."*

Ook Dorr (1991:151) bevestig hierdie aantygings as hy na aanleiding van sewe verskynsels van onreg in die wêreld die volgende beweer:

*"When I look at the seven issues which I have listed, it seems to me that the Church has made an important, but limited, contribution on just two of them."*

Insake die ekologiesekrisis-nood van ons tyd is die kerk se rekord ewe teleurstellend. Hoewel die kerk in die afgelope aantal dekades en veral sedert die totstandkoming van die Wêreldraad van Kerke in 1948 'n toenemende sosiale betrokkenheid getoon het, is die bewering van sommiges dat die kerk 'n "laatkommer" is betreffende omgewingsvraagstukke waar (Lategan 1993:26). Reeds sedert die tagtigerjare het politieke partye in Europa die omgewing begin deel maak van hulle beleidstukke (Biggs 1991:33).



Wat die kerk aanbetref wys Meiring (1991:199) in 'n artikel getiteld: **The Greens - Avant-garde missionaries?**<sup>1</sup>, daarop dat die kerk in geen spesifieke land tot dusver gereageer het met soortgelyke voorstelle as dié van die Groenbewegings nie. Ten spyte van die **Justice, Peace and the Integrity of Creation program** van die Wêreldraad van Kerke sedert 1983 het min indien enige kerke die ekologiese probleme in hul beleidstukke formeel aangespreek.

So byvoorbeeld skrywe Davies insake die kerk en die ekologie in Suid-Afrika die volgende (in Cock 1992:178):

*"I do not think it would be unfair to say that the church has been slow in facing its responsibility [for the ecological crisis]... The Christian churches have not been in the forefront of ecological concerns."*

In ander gevalle weer was die kerk nie net traag nie, maar is 'n gebrek aan 'n missionêre houding openbaar. 'n Goeie voorbeeld in dié verband is 'n artikel in die Kerkbode van 3 Junie 1994, onder die titel: **Nee vir amptelike kerkdruk oor natuur insake die kerk se betrokkenheid by omgewingsbewaring**. In die artikel laat prof Sybrand Strauss van die Universiteit van die Vrystaat homself as volg uit:

*"Die kerk mag nooit 'n drukgroep in die samelewing wees nie. Die kerk kan hom nie vereenselwig met optogte en marse nie. Dit is die kerk se eerste en laaste taak om die Woord te verkondig."*

Miskien het hierdie traagheid in die kerk te make met wat Roberts (1994:6) beskou as die groot probleem of krisis in die sending, naamlik dat die kerk nie meer weet wat sending is nie:

*"They (verwysende na Christene) have been slow to develop ecological awareness and are confused about the mission of the church in a new and frightening age of famine and pollution, of exploding populations and vanishing resources."*

Hierdie toedrag van sake lei daartoe dat die grootste inisiatiewe insake ekologiese oplossing vanuit nie-Christelike gelowe kom. Dorr stel dit as volg (1991:152):

*"On matters of ecology the significant initiatives have almost all come from 'post-Christian' people; when such people seek explicit religious inspiration they look more to India and to the nature religions than to Christianity."*

---

<sup>1</sup> Meiring (1991:201) gaan selfs so ver deur die stelling te maak dat die Groenes as sendelinge van ons tyd beskou kan word, aangesien hulle deur hul aksies en optrede dit gedoen het waarby die kerk reeds lankal betrokke moes gewees het.

---



Juis as gevolg hiervan kan daar met reg beweer word dat die kerk se onvermoë om bevredigend op die huidige ekologiese krisis te reageer, beskou word as een van die grootste mislukkings in die ganse geskiedenis van die Christendom (vgl Berry 1991:144-145).

Die feit dat ekologie as wetenskap maar eërs in die tweede helfte van die twintigste eeu tot stand gekom het, kan daartoe lei dat 'n mens die onwetend vernietigende optrede van die mens teenoor die omgewing sedert die Industriële rewolusie met meer begrip kan bejeën. Die sending se doelbewuste bevordering van industriële ontwikkeling is selfs ook verskoonbaar. Wat egter onaanvaarbaar is, is die feit dat die kerk in die lig van beskikbare wetenskaplike kennis voortgaan asof daar geen bedreiging is nie.

Die ekologiese krisis kom om hierdie rede nie net neer op 'n wêreldkrisis nie, maar ook op 'n sendingkrisis.

### 1.3 DIE VERBAND TUSSEN DIE EKOLOGIESE WÊRELD- EN SENDINGKRISIS

#### "THE CHURCH IS PART OF THE ILLNESS"

Indien die bewering gemaak word dat die wêreld in 'n krisis is en dat die sending in 'n krisis is, kan met reg gevra word of daar 'n verband tussen die wêreld- en die sendingkrisis bestaan. Soos reeds gesê is ek daarvan oortuig dat daar wel 'n verband is.

In die lig van die ekologiese krisis begin die mens van die laat twintigste eeu nou telkens vrae soos die volgende te vra:

- Hoe het ons by hierdie situasie uitgekom?
- Het die kerk enige pondeel in en skuld aan hierdie situasie?
- Wat kan die kerk in die lig hiervan doen?

Voordat ons te maklik by die kerk en 'n Bybelse antwoord op die ekologiese krisis gaan uitkom is dit allereers belangrik dat ons gaan kyk na die kerk se aandeel in die ekologiese krisis. Breuilly en Rajotte (1992:3) som dit raak op:

*"For the answer is not simply a matter of teaching the people of the world to care for their environment. If planet earth is sick, then the Church is part of the illness."*

Die besef dat die kerk nie God se heil in die vorm van vrede, geregtigheid en die heelheid van Sy skepping na die wêreld help bring het nie, maar dit bewustelik en onbewustelik teëgewerk het, lei hedendaags daartoe dat baie mense in die kerk nou





as gevolg van 'n skuldgevoel hulle self doelbewus wil onttrek aan enigiets wat met sending en ekologie te make het. Baie voel dat ander hulle maar hiermee besig moet hou en dat die kerk nie oor hierdie tipe vermoë beskik nie. Santmire (1994:11) stel dit as volg:

*"What we hear, from many different places, is this: Christianity is ecologically bankrupt. Christianity is predicated on a profound bias against the earth. Christianity heats up history over against nature. Christianity may not have caused the modern environmental crisis, as some believe, but in any case, to invoke its traditions in our situation of ecological crisis would be like trying to put out the fire by reaching for the kerosene.*

*Today's situation of global ecological crisis, we are told, requires something else. It requires a religious worldview that cools down history, that shows us how to commune with the earth rather than dominate the earth."*

Santmire se bewering dat dit juis 'n godsdiensige wêreldbeskouing is wat nodig is om die ekologiese krisis die hoof te bied, sluit aan by Granberg-Michaelson se opsommende evaluering as teoloog rondom die gebeurtenis van die 1992-Aardespitsberaad in Rio de Janeiro. Hy wys daarop dat, hoewel die Aardespitsberaad as 'n eerste daadwerklike stap gesien kan word in die rigting van ontfloring van radikale veranderinge in terme van die ekologiese krisis, geleendes dit eens is dat die Rio-Verklaring, as gevolg van die niebindende aard daarvan, nie naastenby genoeg gedoen het om die krisis prakties aan te spreek nie (Granberg-Michaelson 1992:20). Hy meld ook dat die "gees" van die Riospitsberaad gewillig was tot verandering maar dat die "vlees" onwillig is tot enige praktiese toewyding vir die saak (:25) Dit is veral hier waar die kerk 'n daadwerklike verskil as drukgroep kan maak deur homself aktief te verbind tot die Rio-Verklaring.

#### **DIE EKOLOGIESE KRISIS AS DIÉ SENDINGUITDAGING!**

Hoewel die ekologiese krisis 'n sendingkrisis veronderstel, behoort dit ook tegelykertyd as 'n unieke uitdaging wat vra na nuwe en unieke sendingstrategieë gesien te word. Koyama (in Bosch 1991:3) wys daarop dat die woord krisis 'n kombinasie van die Japannese karakters vir gevaar en geleentheid is. So gesien hoef 'n krisis nie noodwendig die einde te beteken nie, maar kan dit in werklikheid dui op 'n nuwe begin - inderdaad dus 'n geleentheid! Die ekologiese krisis is nie maar net nóg een soos baie ander krisisse waarmee die kerk in die verlede te kampe gehad het nie. Die ekologiese krisis moet inderdaad binne die kerk as 'n kairosmoment gesien word wat indringende optrede verg (McDonagh 1990:5). Die rede waarom die ekologiese krisis in hierdie stadium juis as 'n kairosmoment gesien behoort te word, beskryf McDonagh treffend (ibid):



*"The crisis is heightened by the realization that this generation of people is in a unique position in relation to all other generations who have lived before us and those who will live in the future..."*

*The decisions taken now will determine whether we will hand on this precious heritage intact to our children or whether we will irreversibly destroy earth's fruitfulness. Ensuring that we do the latter is surely the religious task of this generation of Christians."*

Reeds in Augustus 1988 het die bioloog Thomas Lovejoy in 'n voordrag aan die American Institute of Biological Sciences die volgende beweer (in McDonagh 1990:202):

*"I am utterly convinced that most of the great environmental struggles will either be won or lost in the 1990's. By the end of the century it will be too late."*

Die kerk kan nie maar net kennis neem van die ekologiese krisis nie. Wat die kerk moet doen is om sy religieuse verantwoordelikheid daarteenoor te aanvaar (McDonagh 1986:11).

Tereg wys Olivier (1991:20) daarop dat 'n sendinggerigte kerk wat nie die uitdaginge van die ekologiese krisis ernstig opneem nie 'n kerk is wat doof en blind is vir die nood in die wêreld. So 'n kerk bevorder juis die nood deur sy stillswye. Indien dit wel die geval is, word die eintlike boodskap van die kerk, naamlik dat God die gewer van lewe is, inderdaad teëgewerk.

Om enigsins 'n profetiese stem te laat hoor, is dit belangrik dat die kerk sy foute in en aandeel aan die ekologiese krisis sal erken en bely. Ten einde profeties en relevant te kan wees, moet die kerk sy lidmate reghelp en nuwe leringe daarstel om die foute van die verlede die hoof te bied (Ecumenical Institute 1993:38).

Hoewel nie die enigste organisasie wat 'n rol te speel het in terme van die ekologiese krisis nie, behoort die kerk ongetwyfeld 'n unieke rol te vervul, synde God se spesiale agent as die liggaam van Christus. Die kerk is gevul met die Gees van God en kan daarom 'n meer direkte rol as enige ander instansie vervul (Roberts 1994:148).

Die ekologiese krisis en die sendingkrisis van ons tyd vra inderdaad dringend na 'n nuwe sendingbenadering, wat die brug sal slaan tussen die nood in die wêreld en God se heil wat vrede, geregtigheid en heelheid vir Sy ganse skepping inhou.

#### **1.4 LEEMTES IN BESTAANDE NAVORSING OOR TEOLOGIE EN EKOLOGIE**

##### **NAVORSING REEDS ONDERNEEM**

In die jongste aantal jare is daar reeds heelwat navorsing oor die onderwerp van die



teologie en die ekologie onderneem. Dit blyk uit die magdom artikels, referate en boeke wat oor die onderwerp verskyn het.

In die teologiese vaktydskrif, **Scriptura**, het Conradie in 1993 in die nommer 47-uitgawe 'n volledig geïndekseerde bibliografiese samestelling van publikasies oor die onderwerp gegee. In daardie stadium het dit 'n volle 52 bladsye beslaan! Twee jaar later sou hierdie samestelling in 'n opvolgbibliografie verdubbel.

In die lig hiervan kan die vraag nou gevra word of die onderwerp van die ekologie in die Teologie nie uitgedien is nie. Die antwoord hierop is ongetwyfeld nee. Hoewel daar reeds 'n groot hoeveelheid artikels en referate op die gebied verskyn het, is ek daarvan oortuig dat daar heelwat leemtes in huidige navorsing bestaan.

### **LEEMTES BINNE BESTAANDE NAVORSING**

Hoewel Manenschijn (1988:128) groot waardering vir die Teologie se toetrede tot die gesprek het, verwoord hy die leemtes in huidige navorsing as volg:

*"Afgezien van enkele uitzonderingen weten de huidige theologen over de ecologische crisis weinig te zeggen dat inhoudelijk van belang is. Wat de verwerking van ecologische inzichten betreft, bevindt de theologie zich nog een pril begin."*

Dit is egter interessant om daarop te let dat daar ook buite die Teologie sulke kritiek en aantygings teen ander vakwetenskappe gemaak word. In sy boek, **A green history of the world**, skryf Clive Ponting (1991:xiii) juis ter inleiding die volgende:

*"There are many books about the current state of the environment and the prospects for the future but very few probe very far into the past or explore the extent to which the environment has shaped human history and none covered the ground and asked the questions that seemed to me to be important. I feel strongly that there is a need for a book that looks at world history from a 'green' perspective."*

Sean McDonagh (1990:190) beweer dat een van die redes waarom daar nog min konkrete aksie vanuit die kerk se geledere betreffende die ekologiese krisis was juis toegeskryf kan word aan die feit dat ekologiese probleme nog meestal in filosofies-teologiese terme bespreek is. Ook Haught (1993:90) onderstreep hierdie aantygings deur aan te toon dat daar twee gebrekkige wyses bestaan waarop die Christendom tot op hede op die ekologiese krisis gereageer het. Die eerste is die manier waarop feitlik alle studies vanuit 'n meer Gereformeerde tradisie reageer. Hierdie tipe van reaksie noem Haught (1993:92) die apologetiese benadering en verduidelik dit as volg:

*"It defends the integrity of biblical religion and traditional theology without requiring their transformation."*



Die leemte binne so 'n benadering verwoord hy dan so (1993:93):

*"I seriously doubt that we can adequately confront the problems facing our environment, theologically speaking, simply by being more emphatic about familiar moral exhortations or by endlessly exegeting scriptural passages about the goodness of nature or the importance of stewardship. Such efforts are not insignificant; indeed they are essential. But I wonder if they are fundamental enough. In the face of chastisement Christianity has received from secular environmentalists, the apologetic quest for relevant texts, teachings and virtues does not go far enough."*

Die rede waarom hierdie benadering nie bevredig nie is dat dit nie die dieperliggende oorsake van die ekologiese krisis na die oppervlak bring nie. Hierdie benadering stel nie 'n radikale teologie in die voofsigtig wat van die kerk 'n standpunt en optrede vra wat soortgelyk aan die Reformasie van die Middeleeue is nie. Die enigste selfkritiek wat die kerk binne hierdie benadering aanvaar, is die Christendom se foutiewe interpretasie van Genesis 1:28 in die verlede. Die kerk se betrokkenheid by strukture binne die samelewing wat die ekologiese krisis aangehelp het, word nie eens krities ter sprake gebring nie. Binne die Suid-Afrikaanse konteks is die beste voorbeeld in dié verband die artikel van Engelbrecht (1988) onder die titel: **Teologie en Ekologie** waarin hy treffend oor die ekologiese krisis skrywe, maar geensins strukture van onreg agter die ekologiese krisis krities bevraagteken nie. So sal Engelbrecht byvoorbeeld geluide maak oor die koolsuurgasvlak van Soweto maar nooit die aanleidende apartheidstrukture daaragter ondersoek nie.

Die tweede gebrekkige wyse waarop die Christendom op die ekologiese krisis kan reageer, blyk uit sommige studies vanuit die Rooms-Katolieke kerklike tradisie met Thomas Berry en Matthew Fox as die vernaamste verteenwoordigers. Hierdie reaksie noem Haught (1993:93) die sakramentele benadering en hy verduidelik dit as volg:

*"This second type focuses less on normative religious texts or historical revelation than does the apologetic approach, and more on the allegedly sacral quality of the cosmos itself."*

Die verruiming in dié benadering stel hy so (1993:100):

*"it goes beyond the more superficial efforts of our first type which consist primarily of an apologetic search for texts that allegedly contain a ready-made environmental theology adequate to our contemporary circumstances. Our second type seeks a radical transformation of all religious traditions, including Christianity, in the face of the present crisis. The creation-centred approach is aware that religious texts, like any other classics, can sometimes sanction policies which are socially unjust and ecologically problematic".*





In verband met hierdie tipe benadering het ook Santmire (1994:18) heelwat kritiese vrae wanneer hy die praktiese haalbaarheid van so 'n benadering vir die ganse mensdom bevraagteken. Watter hoop bring hierdie benadering byvoorbeeld vir die sosiale randfigure van die samelewing wat op die vyf-en-twintigste verdieping in die spreekwoordelike betonoerwoud van 'n stad lewe, of vir iemand in 'n plakkerskamp waar daar geen omringende natuur is nie? Om dié rede beweer Santmire (1994:18) dat 'n sakramentele ekoteologie net haalbaar vir die elitistiese natuurliefhebber is of vir diegene wat in die afgesonderde platteland bly. Vir die gemiddelde bewoner van die wêreld wat in die 21ste eeu oorwegend stadsbewoners sal wees, is hierdie benadering binne hul konteks wêreldvreemd.

#### 'N EIE BYDRAE

In hierdie studie wil ek 'n derde benadering<sup>2</sup> volg wat ek 'n ekologiese sendingbenadering noem. 'n Ekologiese sendingbenadering gaan verder as die apologetiese benadering aangesien dit meer holisties van aard te werk gaan, en dit die probleem van 'n oorgespesialiseerde vakgerigte benadering as gebrekkig en onvoldoende sal uitwys. 'n Ekologiese sendingbenadering verskil ook van die sakramentele benadering in dié sin dat dit in die teologiese tradisie van Sola Scriptura staan. In aansluiting by Santmire is ek daarvan oortuig dat die Christendom met die Skrif en met sy tradisies oor die nodige teologiese insigte beskik om 'n antwoord te bied op die ekologiese krisis, sonder om die uniekheid van Christus prys te gee. Santmire (1994:11) stel dit as volg:

*"Indeed, it may be the case that the kerygmatic and dogmatic traditions of Christianity are better equipped to guide the faithful in this global, ecological era than the much heralded primal religious traditions themselves."*

Die probleemstelling van hierdie studie binne die makrokonteks sentreer dus rondom die volgende vrae:

- Wat is die verband tussen sending en ekologie?
- Is daar bepaalde ekologiese perspektiewe in die geskiedenis van die sending?
- Waarin lê die uniekheid van 'n ekologiese sendingbenadering vergeleke met vorige multidimensionele sendingbenaderings?

---

<sup>2</sup> My benadering is nie dieselfde as dié van Haught (vgl 1993:101ev) wat hy 'n eskatologiese benadering noem nie. Hoewel ons benaderings enkele raakpunte het, vind ek 'n leemte in die feit dat hy nie sy benadering indringend genoeg uitspel nie.



## 1.5 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA IN 'N KRISIS

Buiten vele geboortepyne waarmee die aanbreek van die nuwe Suid-Afrika gepaardgegaan het en nog sal gaan, is een van die grootste bedreigings wat Suid-Afrika in die toekoms in die gesig staar, die ekologiese probleme wat oor 'n paar eeue en veral in die laaste paar dekades ontwikkel het.

Die volgende losstaande feite gee 'n aanduiding van dié probleem:

### ARMOEDE EN ONDERONTWIKKELING IN SUID-AFRIKA

- Nürnberger (1983:4) wys daarop dat die verskil in inkomste tussen blanke en anderskleurige Suid-Afrikane van die hoogste in die wêreld is (vgl. Nürnberger 1994:124). Volgens studies van die Wêreldbank in 1978 en 1986 het Suid-Afrika die heel hoogste vlak van ongelykheid in die hele wêreld gehad (Ramphela 1991:1).
- Joseph Lelyveld, 'n joernalis van die New York Times, het na 'n besoek aan KwaNdebele die gebied met sy armoede as volg beskryf (Bundy 1991:7):

*" [It is] a squalid rural ghetto, besmeared with metal shanties and mud houses in an almost unbroken sea of resettlement sites (that) can be seen in other countries, usually as a result of famine or war."*

- Mediese navorsing het aan die lig gebring dat kinders in Soweto wat aan asma, brongitis, verkoue en griep lankal langer neem om gesond te word as kinders in enige ander wêreldstad met dieselfde siektes. Die rede hiervoor word aan dié stad se hoë vlak van lugbesoedeling toegeskryf (Cock 1994:90).

### BEVOLKINGSGROEI IN SUID-AFRIKA

- Suid-Afrika se buitensporig hoë bevolkingsgroei van 2,8% is 'n bron van groot kommer. Hierdie syfer is heelwat hoër as die groeisyfer van 2,5% in ander minder ontwikkelde lande van die wêreld (Le Roux 1991:128). Die presidentsraad se verslag van 1991 het reeds rooi ligte laat flikker deur daarop te wys dat Suid-Afrika se bevolking binne die volgende 25 jaar kan verdubbel<sup>3</sup>.
- Wilson (1991:32) dui aan dat die bevolking in Qwaqwa, die kleinste tuisland in Suid-Afrika, vanaf 23 000 tot 158 000 in slegs een dekade toegeneem het. Dit lei daartoe dat die bevolkingsdigtheid in dié tuisland die drakapasiteit van die land vir landboudoeleindes ver oortref (1991:34). Cooper (1991:178) wys byvoorbeeld daarop dat Qwaqwa met 'n bevolking van meer as 500 000 in 1991 as tuisland

---

<sup>3</sup> Vgl die Beeld van 23 Oktober 1991, p11.



beplan was vir slegs 25 000 inwoners. Die swak ekonomiese realiteite waarmee al die tuislande te kampe sou hê sou lei tot armoede en 'n toename in die bevolking. In veral Bophuthatswana en Lebowa is grond oorbeweit en grasvelde uitgewis aangesien die land te veel inwoners moes dra en ekonomies moes onderhou (Cooper 1991:177). Ook in ander tuislande sou die bevolking vir die land se drakrag só groot word dat woëstyning in groot dele sou intree (Ramphela 1989:310; 1991:3; Oosthuizen 1991:31; Cock 1991:13)<sup>4</sup>. So is daar byvoorbeeld by Herschel op die grens van Lesotho dongas van tot tien meter diep (Cooper 1991:177). Hierdie dongas sny deur bewerkbare land, veld en kontoerbanke en dit het tot gevolg dat tonne bogrond jaarliks verlore gaan. In die Ciskei het 46% van die totale grond reeds teen 1980 verlore gegaan as gevolg van gronderosie (ibid).

- Indien Suid-Afrika se bevolking teen die huidige tempo bly toeneem lyk die toekoms ten opsigte van Suid-Afrika se watervoorraad ook mistroostig. Die huidige geraamde bevolking van 43,5 miljoen sal oor ongeveer dertig jaar 87 miljoen wees en hiervoor sal die land se huidige watervoorraad geensins voldoende wees nie (Brynard 1995:14)<sup>5</sup>.

#### ONBEPLANDE VERSTEDELIKING EN PLAKKERY

- Met die skraping van die wet op instromingsbeheer op 1 Julie 1986 het swart verstedeliking teen so 'n tempo toegeneem dat die **Urban Foundation** voorspel dat daar tussen die jare 1985 en 2010 'n geraamde nege miljoen mense sal wees wat na die reeds oorvol stede sal verskuif (vgl Wilson & Ramphela 1989:125). Die verwagting wat Yeld stel is veel hoër. Volgens hom sal Suid-Afrika se stedelike bevolking van 16 miljoen in 1985 tot ongeveer 33 miljoen teen die jaar 2000 styg. Op die huidige oomblik is 40% van die bevolking woonagtig in stede en na raming sal twee derdes van die bevolking teen 2010 in stede woonagtig wees (Yeld 1993:40-41). Die invloed van hierdie verskuiwing op die plakkervraagstuk spreek vanself.

#### ONTBOSSING EN BESOEDELING

- Suid-Afrika se woude het gedurende die afgelope 350 jaar met 46% verminder; sy grasvlaktes met 62%; sy vleilande met 50% en sekere plantsoorte met meer as 90% (Yeld 1993:18).

---

<sup>4</sup> Vergelyk ook in die verband die getuienis van die presidentsraad se ondersoek in 1991 na die omgewing en die bevindinge daarvan ten opsigte van die tuislande in die *Beeld* van 23 Oktober 1991, p11.

<sup>5</sup> Brynard (1995:14) wys verder daarop dat die oplossing van die probleem nie daarin lê om nog meer damme te bou nie. "Hoe meer damme, hoe meer water gaan eintlik verlore deur faktore soos verdamping. Dit word bestempel as die wet van die dalende meeropbrengs."



- Van die 250 woude wat sowat 50 jaar gelede in KwaZulu bestaan het is daar vandag nog slegs 'n skrale 50 oor (Gandar 1991:96; vgl Ramphela & Wilson 1989:44). Navorsing het aan die lig gebring dat indien hierdie tempo voortgesit word, en daar verder in ag geneem word dat die bevolking steeds groei, die natuurlike woudlandskap in van Suid-Afrika se tuislande teen die jaar 2020 volkome uitgewis sal wees.
- Jaarliks word daar 'n totaal van 30 000 hektaar bos uitgeroei. In Suid-Afrika is daar reeds 1,2 miljoen hektaar van 'n totale 85 miljoen hektaar bosse uitgeroei (Cooper 1991:186).
- Daar word bereken dat daar in 1991 reeds tien miljoen Suid-Afrikaners was wat vuurmaakhout as enigste energiebron gehad het. In die praktyk beteken dit dat daar jaarliks ongeveer agt miljoen ton hout as energiebron vir huislike doeleindes verbruik word (Gandar 1991:96). In Qwaqwa gebruik elke huishouding tot soveel as tussen drie en vier ton hout per jaar vir vuurmaakdoeleindes. Bereken per capita kom dit neer op tussen 500 en 800 kg per jaar (Eberhard in Wilson & Ramphela 1989:44).
- Lugbesoedeling in die Oos-Transvaal is van die hoogste ter wêreld. Tans is die swaelstofdioksied per vierkante kilometer 30-40 ton, wat gelykstaande is aan die ergste besoedelingsvlakke in die wêreld soos gemeet in die noordoostelike VSA en in Europa (Huntley et al 1989:65). Die gevolg hiervan is dat suurreën in die omgewing 'n bedreiging vir die helfte van Suid-Afrika se woude inhou asook vir meer as die helfte van die land se hoëpotensiaal-landbougrond en 25% oppervlaktewaterbronne (1989:66).
- Die **Worldwatch Institute** beskryf blanke Suid-Afrikaners as die wêreld se "worst greenhouse offenders", aangesien blanke Suid-Afrikaners jaarliks vir die vrystelling van 246 miljoen ton koolsuurgas in die atmosfeer verantwoordelik is (Kgomo 1991:127).

#### **BEWAPENING**

- Suid-Afrika se verdedigingsbegroting sou sulke afmetinge aanneem gedurende die hoogbloei-apartheidsjare dat daar aan die Departement van Verdediging in die boekjaar 1990/91, toe die begroting reeds aansienlik ingekort is as gevolg van die Suid-Afrikaanse Weermag se onttrekking aan Angola en Namibië, net 'n bietjie minder as 20% van die land se totale begroting toegeken is. Aan die Departement van Omgewingsake is daar in die ooreenstemmende tyd maar 'n skrale 0,33% van die totale begroting toegeken (Cock 1991:8):





## 1.6 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA IN 'N SENDINGKRISIS?

Bykans drie-honderd-en-veftig jaar se geskiedenis het 'n wending geneem op 10 Mei 1994 met die amptelike totstandkoming van die nuwe Suid-Afrika. Daar kan met reg aanvaar word dat hierdie dag 'n waterskeidingsdag in die geskiedenis van 350 jaar was. Dit was ook 'n waterskeidingsdag vir die kerk in Suid-Afrika wat vir 350 jaar 'n baie vormende rol in die geskiedenis gespeel het.

Die totstandkoming van die nuwe Suid-Afrika het die kerk in Suid-Afrika op 'n nuwe pad geplaas. Dit hou ongetwyfeld groot onsekerheid in vir beide die konserwatiewe of behoudende deel van die kerk, sowel as vir die liberale of profetiese kerk wat meegewerk het aan die verandering. Hierdie onsekerheid het grotendeels te make met die rol van die kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika. Faktore wat aanleiding gee tot die onsekerheid sluit onder meer die volgende in:

- Mkhathshwa (in Cock 1992:174) beweer dat die kerk in Suid-Afrika sedert 2 Februarie 1990 homself in 'n identiteitskrisis bevind. Hy sien 'n groot gevaar daarin dat die kerk in die lig van die politieke hervormingsproses in Suid-Afrika homself in terme van sy sosiale bediening al meer na binne sal keer, in plaas daarvan om sy sosiale betrokkenheid holisties te sien.
- Kinghorn het reeds in 1990 (na die sogenaamde waterskeidingstoespraak van president FW de Klerk) die volgende beweer, en vandag (ses jaar later) wonder 'n mens of die scenario werklik enigsins vir die armes verander het (in Taute 1992:4):

*"Nog steeds, ten spyte van al die veranderings... is Suid-Afrika in 'n "swart" en "wit" wêreld verdeel. Met kleur op sigself, het dié onderskeiding al hoe minder te maak. Dit gaan om uiteenlopende belewenisse as burgers van dieselfde land. Daar loop dus nog steeds 'n perseptuele barrikade, 'n mentale Berlynse muur, deur die Suid-Afrikaanse samelewing."*

- John Lamola<sup>6</sup> (1994:40) het aan die begin van 1994 geskrywe dat die normalisering van die bestaan van bevrydingsorganisasies in die politiek, asook die snelle inkorporasie van rewolusionêre transformerende elemente in die Suid-Afrikaanse samelewing, daartoe bygedra het dat die kerk tans soekend is na wat 'n nuwe profetiese rol in 'n veranderende samelewing behels.

Dit is juis hierdie onsekerheid wat die sending in Suid-Afrika in 'n krisis plaas. Voor die totstandkoming van die nuwe Suid-Afrika was sending vir die meeste mense of die wen van siele of politieke bevryding. 'n Nuwe Suid-Afrika, ongeag hoe die rol van

---

<sup>6</sup> Hoof van die Departement van Justice and Social Ministries van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke.



sending in die verlede gesien is, vra om 'n nuwe kreatiewe versoenende rol. By die oorgrote meerderheid van die Christendom in Suid-Afrika is daar die duidelike besef dat die strydbyle van die verlede begrawe moet word en dat daar gesamentlik na kreatiewe oplossings gesoek moet word. Die antwoorde op die ou en nuwe probleme plaas die sending eweneens in 'n krisis.

### **1.7 DIE VERBAND TUSSEN DIE KRISIS VAN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA EN DIE SENDINGKRISIS**

*"After apartheid, redressing economic and ecological imbalances has become the most urgent task for our country, as it has become the most pressing task for our continent and our world after the Cold War" (Nürnberger 1994:121).*

Die Suid-Afrikaanse konteks, wat gekenmerk was deur rassekonflik, het grootliks daartoe aanleiding gegee dat ekologiese sake min aandag geniet het. Cock (1992:177) wys daarop dat 'n deeglike bestudering van kerklike beleidstukke en resolusies in die meeste kerke duidelik daarop dui dat sake soos bewapening, politieke uitgewekenes, verbruikersboikotte, onderhandelinge, VIGS, gewetensbesware teen diensplig, sanksies, rassisme in kerkskole, mishandeling, geweld en nog ander as onderwerpe behandel is, maar dat enige sake wat die omgewing direk raak geensins ter sprake gebring is nie. Ook die heel resente Rustenburg-Verklaring van 1990 wat wye kerklike steun geniet het en sake soos geweld, die krisis in die swart onderwys, werkloosheid en onvoldoende behuising bespreek het, het geensins melding gemaak van konkrete omgewingsvraagstukke soos lug- en waterbesoedeling en gronderosie nie.

Dit is juis om die rede dat Davies (1992:178) insake die kerk se betrokkenheid by ekologiese aangeleenthede die volgende beweer:

*"The Christian church in South Africa has been silent. For the past two years I've been trying to introduce green theology but the issue has been laughed off" (Informant 22 in Davies 1992:178).*

Vir die anderskleurige bevolking in Suid-Afrika het teologiese sake rakende apartheid jare lank grootliks gehandel oor vraagstukke betreffende oorlewing, mag en welvaart terwyl die blanke bevolking hulle by uitstek bèsig gehou het met dinge soos die instandhouding van blankebeheer (Nürnberger 1987:58). Mens is dit te wagte dat anderskleuriges met groot politieke en ekonomiese aspirasies, die ekologiese sake as 'n baie lae prioriteit sal sien. Daarom is ekologiese sake soos die gevaar van oorbeweiding byvoorbild in die verlede met suspisie bejeën as 'n blanke poging om ook die anderskleuriges van sy vee te beroof nadat sy land en grond reeds geroof



is (Nürnberg 1987:59). As gevolg van hierdie dilemma in die Suid-Afrikaanse samelewing skets Mazibuko die sendingprobleem van die afgelope aantal dekades treffend (in Cock 1992:174):

*"We have not yet had Christianity in South Africa; we've only had Churchianity. Christianity teaches us to see God in the trees. The trees are the guardians of the earth. I try to teach people to see God in trees. But you cannot teach with an empty stomach. We must also teach people how to feed themselves."*

Die ekologiese krisis en die sendingkrisis in Suid-Afrika vra indringend na 'n nuwe benadering wat die brug sal slaan tussen die verlede, die hede en die toekoms. So 'n benadering sal die sleutel tot God se heilsplan vir 'n postapartheid Suid-Afrika moet soek in vrede, geregtigheid en die heilheid van God se skepping. Van so 'n benadering sal 'n mens kan sê dat dit meer is as **Churchianity** want dit sal inderdaad lei tot **Christianity**.

## **1.8 LEEMTES IN BESTAANDE NAVORSING OOR TEOLOGIE EN EKOLOGIE VANUIT SUID-AFRIKA**

### **NAVORSING REEDS ONDERNEEM**

So onlangs as 1985 toe prof JA Loader vir die destydse Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN)<sup>7</sup> verslag moes doen oor die stand van navorsing onder andere in die Sistematiese Teologie oor dié onderwerp het hy vermeld dat ekologie een van die temas is wat min indien enige aandag geniet (Engelbrecht 1988:24).

Intussen het die situasie gelukkig heelwat verander.

Ten spyte van jarelange teologiese isolasie het ook Suid-Afrika 'n bydrae tot die gesprek rondom teologie en ekologie gelewer. Buiten die magdom artikels het daar ook reeds drie dissertasies verskyn wat belangrike bydraes tot die gesprek sou lewer: J Du Randt (1982) se "Verantwoordelikheid en skepping - die ekologiese problematiek, teologies-eties beoordeel"; J Buitendag (1986) se "Skepping en ekologie. 'n Sistematiese ondersoek na die teologiese verstaan van die werklikheid" en CJP le Roux (1991) se "Eko-teo-logie. Op soek na 'n eko-teo-logie vir die moderne tegnieker".

Dit is egter nie net vanuit die Sistematiese Teologie wat die ekologie besondere aandag geniet het nie. Tydens die Suid-Afrikaanse Missiologiese Werkgemeenskap se 1990-jaarvergadering is besluit op die tema: "Mission and Ecology" as die

---

<sup>7</sup> Tans die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling van die Raad vir Geestelike Navorsing.



1991-kongrestema. In al die 1991-uitgawes van die wêreldbekende sendingvaktydskrif, *Missionalia*, is dié onderwerp behandel.

Dit laat natuurlik ook hier die vraag ontstaan of dié onderwerp nie uitgedien is nie. Hoewel daar heelwat navorsing oor die onderwerp onderneem is, is daar min navorsingsterreine wat so ontoereikend ontgin is.

#### LEEMTES BINNE BESTAANDE NAVORSING

Een van die groot gebreke wat daar tot dusver op die gebied van navorsing bestaan het te make met die feit dat die ekologiese krisis van Suid-Afrika los van sy sosio-politieke en sosio-ekonomiese konteks behandel is. Die beste voorbeeld hiervan sien 'n mens reeds in die vroegste navorsing wat onderneem is. Engelbrecht se artikel oor teologie en ekologie is 'n goeie voorbeeld hiervan. Hoewel Engelbrecht die ekologiese krisis treffend beskrywe bevraagteken hy nooit enige strukture van onreg wat aanleidend tot die krisis meewerk nie. Waar hy wel kritiese vrae stel word hierdie vrae slegs aan die makrokonteks gerig. So byvoorbeeld skenk hy aandag aan die misbruik van die aarde se natuurlike bronne deur die Verenigde State van Amerika, maar dieselfde vrae word nooit binne die Suid-Afrikaanse konteks aan die orde gestel nie (vgl 1988:35). Engelbrecht sal byvoorbeeld insake lugbesoedeling wys op die probleem van die koolsuurgasvlak van Soweto maar geensins die aanleidende apartheidstrukture daaragter in aanmerking neem nie. Daarmee beland Engelbrecht in dieselfde dilemma as taile teoloë wat oor ekologie en teologie skrywe deurdat die ekologiesekrisis-verskynsels as 'n gegewenheid aanvaar word sonder dat daar genoegsaam rekening gehou word met die sosiale orde waaruit hierdie probleme voortspruit. In sy boek, *A green history of the world*, voer Clive Ponting juis die teendeel aan (1991:xiv):

*"... green issues are not simply about the state of the natural world but have to include central problems such as the use of resources and energy, the distribution of poverty and wealth, how people treat other people, and the way people think about the world they inhabit".*

Ook Du Randt (1982), Buitendag (1986) en Le Roux (1991) se studies skiet hierin tekort. Vir 'n studie oor die ekologie vanuit die Teologie beteken dit dat die Teologie geen relevante bydrae sal lewer solank as wat die sosio-ekonomiese en sosio-politieke faktore wat bygedra het tot die ekologiese krisis nie aan die orde gestel word nie.

Waar die eerste leemte in navorsing geleë is in die feit dat sosio-politieke en sosio-ekonomiese faktore nie genoegsaam in ag geneem word nie, spruit 'n tweede leemte hieruit voort. Dit het te make met die feit dat die meeste teoloë nie tussen die apartheidsvraagstuk en die ekologiesekrisis-vraagstuk die nodige koppeling maak





nie. 'n Goeie voorbeeld in die verband was 'n persoonlike waarneming wat gemaak is tydens die kongresbesprekings van die 1991-Suid-Afrikaanse Missiologiese Werkgemeenskap onder die tema: "Mission and Ecology". In van die besprekingsgeleentheid wat op referate gevolg het, was dit interessant om te kon sien hoedat heelwat kongresgangers die aktualiteit van ekologie juis gesien het in die feit dat die "einde van apartheid" (my aanhaling) in sig was. Volgens diegene sou dit impliseer dat daar in die sending voortaan op andersake as apartheid gekonsentreer sou kon word. Hieruit is dit dus duidelik dat heelwat "verligte" teoloë en sendelinge die stryd teen apartheid en die behoud van die ekologie as twee verskillende sendingagendas sien. Juus dit onderstreep die dringende noodsaaklikheid van 'n studie met 'n besinning oor die verhouding sending, ekologie en apartheid en die wisselwerking daarvan. Dit sal die implikasies van sending binne 'n postapartheid Suid-Afrika uitspel.

Daar is reeds gekyk na die probleemstelling van hierdie studie binne die makrokonteks. Binne die mikrokonteks sentreer die probleemstelling dus rondom die volgende vrae:

- Wat behoort die rol van sending in 'n postapartheid Suid-Afrika te wees in die lig van die ekologiese krisis?
- Watter tipe sendingbenadering vanuit Suid-Afrika kan dien as 'n mikrolaboratorium vir die makrowêreld se sendinguitdaginge?

## 2 DOELWIT

Hierdie studie wil deur historiese perspektiewe en prinsipiële-teologiese beredenering die komplekse proses van die sending se betrokkenheid by die ekologiese krisis uitspel en riglyne vir die sending in 'n wêreld met 'n ekologiese krisis neerlê.

Die dringende ekologiese nood in die wêreld kan tot twee benaderings lei. Aan die een kant kan dit lei tot die loods van allerlei aksies deur die sending, sonder behoorlike teologiese besinning. Aan die ander kant kan die nood lei tot 'n algehele gevoel van verlamming en 'n voortgaan van "business as usual".

Hierdie studie is 'n poging tot eietydse besinning, 'n bydrae wat die volgende sal oplewer:

- Dit sal lei tot die daarstelling van 'n kreatiewe eietydse sendingbenadering.
- Dit sal toon dat Sendingwetenskap as 'n brug kan dien tot die oplossing van ekologiesekrisis-vraagstukke.
- Dit sal aantoon dat Suid-Afrika se ekologiese krisis kan dien as 'n mikrolaboratorium vir 'n eietydse sendingbenadering in die makrowêreld.

Vervolgens word 'n kort verduideliking hiervan gegee.

2084785

339779



## 2.1 'N KREATIEWE EIETDSE SENDINGBENADERING

Thomas Kuhn (1970:82f) beweer dat 'n nuwe paradigma in 'n wetenskap ontstaan wanneer sekere individue die gegewe realiteit op 'n totaal nuwe wyse begin belêef. Dikwels is dit dan 'n klomp individue wat ervaar dat die bestaande modelle ontoereikend is om 'n oplossing te bied vir nuwe uitdagings. Hierdie individue soek dan na 'n nuwe model of teoretiese struktuur wat die oue kan vervang. Kuhn beweer egter dat geen individu so 'n model self kan skep nie. Wat eerder gebeur, is dat so 'n model groei en ryp word binne die konteks van buitengewone netwerke van diverse sosiale en wetenskaplike faktore. Sodra daar ervaar word dat die ou metodes ontoereikend is, groei belangstelling vir 'n nuwe benadering of model totdat die oue mettertyd vanself verdwyn. Hierdie proses was veral in die afgelope dekade of wat in die Sendingwetenskap duidelik merkbaar. David Bosch het met die daarstelling van sy magnum opus, **Transforming Mission - paradigm shifts in theology of mission** (1991), juis die ontoereikendheid van die ou metodes van sending aan die kaak gestel deur te wys op die noodsaaklikheid van 'n nuwe metode. Hoewel **Transforming Mission** 'n groot vormende bydrae tot my eie verstaan van sending gelewer het, het ek in my navorsing oor die sending en die ekologie gou tot die gevolgtrekking gekom dat Bosch se benadering heelwat uitgebrei sal moet word ten einde sending in die lig van die ekologiese krisis te omskryf. Hiervoor is 'n kreatiewe blik op die verlede en op die hede nodig. Die benadering wat ek dus in hierdie studie gaan voorhou sluit wel aan by Bosch se postmoderne benadering, maar dit sal verder uitgebou word tot 'n postmoderne benadering wat spesifiek as 'n antwoord op die ekologiese nood van ons tyd sal kan dien. My poging moet egter nie gesien word as 'n klaar uitgewerkte Sendingteologie nie, soos gesuggereer in die subtitel: "Op weg". Die waarde van hierdie benadering lê in 'n eietydse kreatiewe soeke na die rol van die sending in 'n ekologies bedreigde wêreld.

Om mense bewus te maak van die ekologiese krisis hou altyd die moontlikheid in dat dit hulle in totale pessimisme kan laat verval. Dit is dan ook geen wonder nie dat baie mense in ons tyd, waaronder ook teoloë, na soveel verskillende Oosterse godsdiensgrype om sodoende sin en betekenis te probeer skep. 'n Mens kry die gevoel dat daar by baie 'n geloof in die ontoereikendheid van die Woord van God posgevat het. Teoloë soos Clarke en Berry wat as goeie voorbeelde hiervan dien, herinner sterk aan die New Age-benadering met sy vermenging van mite en betowering wat 'n sterk neiging na Oosterse godsdiens en denksisteme het. Dit wys ook heen na sommige New Age-filosowe wat vra na 'n wegbeweeg van 'n Kartesiaans-Newtoniaanse wêreldbeskouing, maar ook weg van 'n Christelike wêreldbeskouing na 'n Taoïstiese en Boeddhistiese verstaan van die werklikheid. Wat so 'n standpunt eintlik vra, is dat alle teenoorstaandes uitgekanselleer word, alle skeidsmure verwyder word, alle dualismes vervang word en alle individualisme opgaan in 'n universele, ongedifferensieerde en panteïstiese eenheid (vgl. Bosch 1991:366).



"Dit is my oortuiging dat die ekologiese krisis dit vir die Teologie geensins nodig maak om uit sy vaste bane te beweeg nie. Die Woord kan steeds as uitgangspunt geld.

Omdat die sending altyd gerig is op die koms van God se koninkryk is dit die taak van die sending om te wys op die strale van die hoop van God se koninkryk wat nou reeds sigbaar kan word. Daarom is Bosch (1991:362) korrek wanneer hy beweer dat die pad waarop die sending hom in ons tyd begewe 'n pad is wat buite die veld van die optimisme van Verligting lê, maar ook buite die anti-Verligtingspessimisme. Die sending is die draer van die boodskap van God se verlossing in Jesus Christus, en bied 'n nuwe alternatief vir die menslike geskiedenis.

Sean McDonagh, 'n Ierse sendeling wat 'n kenner is op die gebied van die ekologie, stel hierdie roeping as volg (1990:1):

*"Modern missionaries, in continuity with their predecessors, are still bearers of Good News. But preaching and witnessing to the Good News of Christ takes a variety of forms today."*

Om hierdie unieke roeping te midde van die nood van ons tyd te bereik, vra 'n nuwe kreatiewe benadering wat ek 'n ekologiese sendingbenadering noem.

## **2.2 SENDINGWETENSKAP AS BRUG TOT EKOLOGIESEKRISIS- OPLOSSINGS**

Die taak wat Barth in 1957 aan die Sendingwetenskap opgedra het, bly te midde van talle veranderinge in die wêreld na vier stormagtige dekades onveranderd.

Hierdie taak wat hy soos volg saam (1957:112f):

*"... critically to accompany the missionary enterprise, to scrutinise its foundations, its aim, attitude, message and methods - not from the safe distance of an onlooker, but in a spirit of co-responsibility and of service to the church of Christ".*

'n Ekologiese sendingbenadering sal dus nie alles wat vroeër as sending beskou is van die tafel wil vee nie. Met my benadering beoog ek juis om noukeurig ondersoek in te stel na die fundering, doel, houding, boodskap en metodes van Sendingwetenskap as diens aan die kerk. McDonagh wys daarop dat Sendingwetenskap en sending homself nog steeds moet besig hou met die verstaan van die kulture en leefwêreld van mense aan wie die evangelie gebring moet word. Daar moet nog steeds op die "sendingveld" in die Derde Wêreld, opvoeding, gesondheidsdienste en hulpverleningsprojekte wees, maar hierby moet dit nie eindig nie. Die probleem is dat dit juis in die verlede hierby geëindig het. Die nuwere uitdaging wat aan die sending gebied word, verwoord McDonagh soos volg (1990:1):



*"But an adequate response does not end with attempts to solve social, economic and ecological problems. No, there is also the challenge to understand why widespread poverty is still spreading in Third World countries after three decades of 'development' and to change this inequitable and iniquitous situation."*

In 'n sekere sin som juis dit die doelwit van hierdie studie treffend op, want in hierdie studie wil ek vanuit 'n missiologiese gesigspunt nie net gaan kyk na die manifestasies van die ekologiese krisis om sodoende 'n eko-teologie te ontwerp nie. Ek wil in die eerste plek sekere prosesse aan die lig bring waaraan die kerk direk en indirek skuld dra (afdelings A en B), alvorens ek kontoere in afdeling C sal neerlê van hoe 'n sendingteologie in die lig van die ekologiese krisis behoort te lyk.

Hoewel daar tot op hede uit ander vakdissiplines dissertasie insake die ekologie verskyn het, is ek oortuig dat die tyd juis nou ryp is om so 'n studie vanuit die Sendingwetenskap te onderneem. So 'n studie sal die unieke aard van Sendingwetenskap as selfstandige dissipline met sy eie uitgangspunte, objek en inhoud onderstreep.

Die herontdekking van die unieke rol van Sendingwetenskap hang ten nouste saam met die krisis wat ontstaan het rondom die begrip sending in sy geheel. Waar die missie van die kerk vroeër baie nou afgebaken is, en dikwels beperk is tot 'n bepaalde handeling van die kerk, het dit gelei tot 'n verenging in die begrip sending. Hierdie verenging het noodgedwonge die uitgangspunt, objek en inhoud van Sendingwetenskap as 'n selfstandige teologiese dissipline verskraal (vgl Crafford 1989:4-10).

In sy intreerede "Sendingwetenskap waarheen?" het Crafford getoon dat hierdie verenging dikwels tot die krisisvraag na die uniekheid en die eie aard van Sendingwetenskap as vakdissipline aanleiding gee. Crafford (1989:10) beweer dat die eie aard van Sendingwetenskap as vakdissipline daarin geleë is dat dit die enigste wetenskap is wat in die besonder sy studie toëspits op al die aspekte van die kerk se gebondenheid aan die wêreld. Sendingwetenskap verteenwoordig dus die gehele Teologie se missionêre intensie - die studie van georganiseerde pogings en metodes om die boodskap van God se heil by al die verskillende kontekste van die wêreld uit te bring. Die uniekheid van Sendingwetenskap lê dus in sy integrerende en komplementerende funksie ten opsigte van die ander vakwetenskappe binne die Teologie. Dit is juis Sendingwetenskap se rigtinggewende funksie wat dien as hulp vir die ander vakwetenskappe, om sodoende God se heilsboodskap by die regte adres uit te bring.

Ek is van mening dat daar min ander temas is wat die unieke geleentheid aan die Sendingwetenskap bied, om sy selfstandigheid as teologiese dissipline met sy eie uitgangspunte, objek en inhoud te toon, as juis die onderwerp van sending en ekologie.





'n Studie oor sending en ekologie sal die hele skopus van Sendingwetenskap as vakdissipline dek, te wete sendingteologie, sendinggeskiedenis, sendingmetodes of -benaderinge en Theologia Religionum<sup>8</sup>. Omdat 'n studie oor ekologie so afhanklik is van gegewens uit ander vakwetenskappe sal die studie ook toon dat Sendingwetenskap by uitstek dié vakgebied is wat homself tot brugwetenskap na ander wetenskappe buite die Teologie leen. 'n Studie oor sending en ekologie sal dus nie alleen 'n bydrae tot die Teologie maak nie, maar ook 'n unieke vakwetenskaplike bydrae lewer, aangesien die onderwerp die uniekheid en die selfstandigheid van Sendingwetenskap as vakdissipline weereens onderstreep.

### 2.3 SUID-AFRIKA AS MIKROLABORIUM VIR 'N EIETYDSE SENDINGBENADERING

Reeds vir dekades lank word Westerse teologie daarvan beskuldig dat dit daarop uit is om die belange van die Weste te dien (vgl Bosch 1991:424). In 'n studie oor teologie en ekologie is hierdie aantyging 'n faktor waarmee deeglik rekening gehou moet word. 'n Studie soos hierdie sal nie uit 'n verhewe Westerse posisie gedoen kan word nie, maar sal juis so benader moet word dat dit terselfdertyd Westerse en nie-Westerse probleme hanteer en aanspreek.

'n Ekologiese sendingbenadering gesien vanuit Suid-Afrika, kan 'n heel unieke en belangrike bydrae lewer tot wat die sendingreaksie van die kerk in die wêreld as geheel op die huidige ekologiese krisis behoort te wees omdat dit ontwerp word binne die konteks van sowel die Eerste as Derde Wêreld. Cock (1991:1) stel dit as volg:

*"South Africa, with its mix of First World environmental problems such as acid rain, and Third World environmental problems such as soil erosion, is a microcosm of the environmental challenges facing the planet."*

Ook Yeld (1993:12) wys op die uniekheid van die ekologiese krisis in Suid-Afrika:

*"South Africa is a unique country with unique problems. It has a developed world component which has been responsible for some of the worst environmental degradation on record, such as air pollution levels in parts of the Eastern Transvaal which - arguably - match or even exceed the worst in industrial eastern Europe. Proportionately, taking income and population into account, South Africa is the world's highest emitter of carbon dioxide. It also has a developing world component which, mainly because of the appalling heritage of former political policies, has also caused huge environmental destruction - like soil erosion in Kwa Zulu, Transkei and many other areas, and the loss of vegetation in areas like Ciskei through overcrowding and overstocking."*

---

<sup>8</sup> As gevolg van die omvangrykheid van hierdie onderwerp sal daar in hierdie studie min aandag hieraan geskenk word.



Dit is vanweë hierdie unieke verskeidenheid probleme wat Suid-Afrika in die gesig staar dat daar dikwels na Suid-Afrika as 'n mikrokosmos van die wêreld verwys word (vgl Cock & Koch 1991:preface). Van der Walt (1987:27) gaan selfs so ver as om te beweer dat Suid-Afrika om dié rede gesien kan word as 'n mikrolaboratorium vir die makrowêreld.

Wat lê alles hieragter? John Yeld wys in 'n studie, **Caring for the earth - South Africa: A strategy for sustainable living**, daarop dat hoewel Suid-Afrika een van die wêreld se rykste lande aan flora is, die land se natuurlike habitat teen 'n ontstellende tempo vernietig word. Die hooforsaak hiervoor skryf hy toe aan die volgende (1993:18):

*"... this country's natural habitats have been diminishing at alarming rates, mainly since the arrival of the first European settlers in 1652 and particularly since the advent of the Industrial Revolution".*

Hy meld verder dat Suid-Afrika se woude gedurende die afgelope 350 jaar met 46% verminder is; die grasvlaktes met 62%; die vleilande met 50% en sekere plantsoorte met meer as 90%. Die oorsaak hiervan kan gesoek word in kolonisasie, industrialisasie en 'n onregverdigde sosio-politieke en sosio-ekonomiese beleid. Yeld dit so:

*"South Africa has its own unique history of exploitation of natural resources."*

Opsommend kan ons dus sê dat van die wêreldwye ekologiesekrisis-verskynsels in 'n besonder hoë intensiteit in Suid-Afrika aanwesig is. Juis dit beklemtoon die dringende noodsaaklikheid van 'n ekologiese sendingbenadering vir en vanuit Suid-Afrika. Indien so 'n benadering hier slaag, sal dit 'n teken van hoop vir die hele wêreld wees.

In hierdie studie sal daar oor die mate waarin die sending meegewerk het tot die ekologiese krisis deur die doelbewuste bevordering van kolonisasie, industrialisasie en apartheid besin word. Daar sal dan ook in die lig hiervan deeglike besinning oor die rol van sending in 'n postapartheid Suid-Afrika moet wees.

## 2.4 SAAMGEVATTE DOELWIT VAN DIE STUDIE

Hierdie studie beoog om aan te toon dat die sending medeverantwoordelik is vir die huidige ekologiese krisis. In die lig hiervan wil die studie dan deur prinsipiële-teologiese beredenering duidelikheid bring oor sending en ekologie met besondere verwysing na die missionêre roeping van die kerk in 'n postapartheid Suid-Afrika.

## 3 BEGRIPSVERHELDING

Hoewel hierdie studie in wese ook 'n begripsomskrywing is, is dit ter wille van duidelikheid tog nodig om hier aan die begin my gebruik van enkele begrippe kortliks te omskryf.



### 3.1 EKOLOGIE

#### DIE BETEKENISINHOUD VAN EKOLOGIE

Hoewel die Duitse bioloog, Ernst Haeckel, nie die eerste persoon was wat die term ekologie gebruik het nie, was hy waarskynlik eerste om die term ekologie as onderafdeling van die biologie aan te wend (vgl Ryke 1978:1; Manenschijn 1988:100; Le Roux 1991:1; Du Plessis 1995:331). Die woord ekologie is ontleen aan die Griekse woorde *oikos*, wat "huis of plek om in te lewe" beteken en *logia*, wat op "woorde" dui (McDonagh 1986:17). Die saamgestelde betekenisinhoud van die woord dui dus op 'n studie (die "sê" of "logika") van alle lewende organismes binne hulle habitat. Sedert Haeckel die term die eerste keer op dié manier gebruik het, is dit reeds baie verskillend gedefinieer. Die mees bekende en omvattende definisie is (my vertaling):

*"n studie van diere en plante in hulle verhouding tot mekaar en tot hulle omgewing".*

Dit betrek dus alle lewende wesens, insluitende die mens (vgl Nürnberger 1987:46; Siegwalt 1991:123; Manenschijn 1988:100; Du Preez 1992:1). Walker en Richards (1986:1) se definisie sluit ook die nielewende aspekte in:

*"Ecology is the study of life-forms in their mutual relationship and in relation to the non-living aspects of their environment."*

Ekologie is daarom 'n studie van verhoudings en interverhoudings tussen die lewende (biotiese) aspekte van die natuur en hulle nielewende (abiotiese) omgewing.

Wanneer die term ekologie dus in die praktyk gebruik word, verwys dit na 'n groot verskeidenheid aspekte van die biologie wat vir die mens van belang is aangesien hierdie aspekte die hoeksteen vorm van natuurbewaring, landbou- en bosboupraktyke, water- en lugbesoedeling asook publieke gesondheid en welsyn (Ryke 1978:1). Die woord ekologie suggereer en veronderstel dus interafhanklikheid (vgl McDonagh 1986:17).

Ons sou dus kon sê dat ekologie daardie wetenskap is wat homself toespits op die interafhanklikheid tussen die lewende wesens en die nielewende omgewing en die daaruitvloeiende lewenspatrone (Engelbrecht 1988:23).

#### EKOLOGIE AS "OBJEKTIEWE WERKLIKHEID"

Hoewel die term ekologie op 'n wetenskap dui, is dit ook so dat dit 'n objektiewe betekenislading kan hê (Engelbrecht 1988:23). Ekologie kan dus beide op 'n wetenskap en 'n bepaalde werklikheid dui. Manenschijn (1988:100) verwoord hierdie dubbele betekenislading van die woord ekologie as volg:



*"De term 'ecologisch' betekent zowel betrekking hebbend op de studie van genoemde relaties alsop de interrelaties zelf."*

In aansluiting by Engelbrecht (1988:23) sou 'n mens dus kan sê dat die term ekologie op hierdie wyse losgebreek het uit sy oorspronklike betekenis as 'n natuurwetenskap en in die proses 'n filosofiese en teologiese konnotasie gekry het. Lubbe (1994:51) toon aan dat waar die omgewing vir dekades die uitsluitlike navorsingsterrein van omgewingsbewaringsinstansies en enkele dissiplines in die natuurwetenskappe was, dit vandag juis die omgewing is wat oor die wydste spektrum van dissiplines en vakgebiede belangstelling trek.

#### **DIE VERRUIMING IN DIE BEGRIP EKOLOGIE**

Waar ekologie in die sestig- en sewentigerjare van ons eeu feitlik slegs aandag geskenk het aan omgewingsaangeleenthede rakende die lug, waterbesoedeling, snelweë wat deur woonbuurtes gebou is, of ontwikkelinge in woude en landelike gebiede, het dit veral sedert die tagtigerjare 'n nuwe sogenaamde globale dimensie bygekry. Dit sou meebring dat aspekte soos hongersnood, onderdrukking, militarisering en ekonomiese aangeleenthede direk aan ekologiese aangeleenthede gekoppel word (Oosthuizen 1991:14; Roberts 1994:19). Volgens Eugene Odum het hierdie verruiming in die term ekologie aanleiding gegee tot wat hy noem 'n "historic attitude revolution" aangesien die mens se vuil vingerafdrukke van die sonde by hierdie verruiming ingereken word (in Roberts 1994:19). Na aanleiding van bogenoemde verruiming wat ingetree het, omskryf Boff (1994:240) ekologie as:

*"From a holistic viewpoint, society and culture also belong to the ecological complex. Ecology is the relationship between all living and non-living things, natural and cultural, and between them and their environment. Within this perspective economic, political, social, educational, urban and agricultural issues come under consideration as a part of social ecology."*

Simkins (1994:3) dui aan dat indien die woord ekologie in verband gebring word met menslike gemeenskappe, of sosiale ekologie soos Boff dit noem, die term dan verwys na die mate waarin die natuur of die fisiese omgewing deur die mens geaffekteer word en andersom. Wanneer dit gebeur kan ekologie as volg omskryf word (Bennett 1976:3):

*"In this context, ecology is the study of how and why humans use Nature, how they incorporate Nature into Society, and what they do to themselves, Nature, and Society in the process."*

Dit is dan in hierdie konteks wat ek die term ekologie in hierdie studie wil gebruik, en sal daar (behalwe waar anders vermeld) ag geslaan word op hierdie verhouding tussen die mens en sy omgewing.





Hoewel die term ekologie reeds vir 'n geruime tyd gebruik word om te dui op 'n holistiese werklikheidsverskynsel word dit tog, soos tereg beweer word, gewoonlik baie eng verstaan. Jacklyn Cock (1994:89; vgl 1991:1) merk op dat omgewingsaangeleenthede in Suid-Afrika tot baie onlangs nog slegs vanuit 'n **outoritêre bewaringsperspektief** benader is:

*"There is (only) a small number of South Africans who have a holistic understanding of environmental abuse and social injustice."*

Volgens hierdie benadering is die fokus eksklusief op die voorkoming van die beskadiging of uitwissing van die wildernisareas en die uitwissing van plant- en dierespesies. Sō gesien is dit slegs die enkele sosiologiese verskynsels soos byvoorbeeld oorbevolking in die bosryke areas wat die blaam vir die ekologiese krisis moet dra.

Teenoor die outoritêre bewaringsperspektief stel Cock die **progressiewe omgewingsperspektief**. Vanuit hierdie perspektief word die omgewingsvraagstukke holisties benader in die sin dat omgewingsvraagstukke ook politieke sake insluit (1991:1):

*"This perspective views environmental issues as deeply political in the sense that they are embedded in access to power and resources in society."*

Hierdie siening, wat Cock koppel aan sogenaamde "green politics", wys op die belangrike verband wat daar tussen die stryd teen sosiale ongeregtigheid en die eksploitasie van die mens aan die een kant en die stryd van die mens teen die misbruik van die natuur aan die ander kant bestaan. Boff (1994:238) bevestig dat:

*"Ecology is far more than conservationism. It is not enough to conserve a species threatened by extinction, as if ecology were concerned only with 'endangered species'. Today the entire planet must be conserved, because all of it is in danger of extinction."*

Volgens Cock (1991:1) is dit ten gevolge van die eng outoritêre bewaringsperspektief dat baie Suid-Afrikaners omgewingsaangeleenthede met suspisie bejeën. Hoewel daar dus 'n globale of holistiese perspektief toegevoeg is tot die ekologie, meen Cock (1994:89) dat so 'n benadering in Suid-Afrika nog afwesig is:

*"Such a holistic vision, which opposes all forms of violence - social as well as environmental - has yet to be translated into widespread political practices in South Africa."*

Waar die term ekologie dus aanvanklik op 'n relatief eenvoudige wetenskap gedui het, betrek dit tans bykans die hele skepping aangesien feitlik alles in die heeal op 'n sekere wyse in 'n interafhanklike verhouding tot mekaar staan (Roberts 1994:21). Juis



die feit dat die teologie 'n wetenskap is wat homself besig hou met die lewe (en die Lewe) beteken dat ekologie 'n sentrale fokuspunt van die teologie behoort te wees (Roberts 1994:21).

### 3.2 EKOLOGIESE KRISIS

Omdat hongersnood, armoede, oorbevolking, energieverbruik en vele ander sake tans met die ekologie in verband gebring word, sê Track (1982:176) tereg dat ekologie as verskynsel nou deur die term **krisis** oorheers word. In hierdie krisis handel dit oor 'n dodelike stryd tussen die mens en sy gehele omgewing. Omdat dit 'n nuwe bewustheid by die mens skep, sou die krisis as 'n bewussynskrisis tipeer kon word (:178).

Om die term ekologiese krisis haarfyn te omskryf, is net so onmoontlik as om die manifestasies van die sondeval in besonderhede te beskryf. Tog is dit belangrik om as werksdefinisie enkele kontoere neer te lê van wat presies onder die term verstaan word.

Die term ekologiese krisis verwys na 'n krisis in die verhouding tussen organismes en hulle omgewing. Roberts (1994:10) tipeer dit as 'n krisis van balans.

*"Life is best when everything is kept in equilibrium, whether it's eating, exercise, sleep, work or recreation. Too much or too little is dangerous. We find safety on the middle ground of moderation. When Vice President Al Gore called his recent environmental book **Earth in Balance** he made an appropriate title choice, because that is what ecology is all about - balance. Ecology deals with consumption and supply, with depletion and restoration, with refuse and recycling. It must balance resources and renewal. It is the science of life in all its relationships. For life to be sustainable, we must keep all of these in careful equilibrium."*

Die ekologiese krisis kan dus gesien word as 'n gebeurtenis wat die fyn balans in God se skeppingsrealiteit versteur. Die krisis is die resultaat van 'n sameelloop van verskeie demografiese, wetenskaplik-tegnologiese, natuurlike en sosiale faktore, wat op hulle beurt elk in 'n interafhanklike geheel van nasionale en internasionale politieke en ekonomiese gebeure ingebed is. Hierdie verwickelinge word weer deur verskeie godsdienstige, ideologiese en filosofiese voorveronderstellinge aangehits (vgl Olivier 1987:105). Om die rede beweer Roberts (1994:147):

*"The environmental crisis, perceived for many years by scientists, is no longer a series of local shortages and pollution. It is global and universal in its impact, calling for worldwide, international and concerted attention."*

Die term ekologiese krisis sal in hierdie studie dus dui op daardie verskynsel wat die huishouding van die aarde tans bedreig. Dit verwys na die dinamiese ewewig van interaksies tussen die lewende organismes van die ekosisteem wat na binne versteur



word en wat sodoende daartoe aanleiding gee dat die ekostelsel van die aarde na buite disintegreer (vgl Buitendag 1986:296).

### 3.3 DIE TERM EKOLOGIE TEENoor OMGEWING

'n Mens sou beide die begrippe 'ekologie' of 'omgewing' kon gebruik, aangesien dit in resente studies oor een en dieselfde saak handel (vgl Du Plessis 1995:331). So byvoorbeeld verkies Loader (1991:45) die term omgewingskrisis bo ekologiese krisis omdat dit volgens hom oor 'n omgewingskrisis beskryf deur die ekologie gaan.

Ek verkies egter die term ekologie en sal ek dit daarom meer dikwels in hierdie studie gebruik. Tog sal ek in sommige gevalle, waar die bepaalde aanhaling onder bespreking dit vereis, die terme omgewing en omgewingskrisis gebruik.

### 3.4 'N EKOLOGIESE SENDINGBENADERING

In *Transforming Mission*, verduidelik Bosch (1991:xv) die keuse van die titel *Transforming Mission* as volg:

*"The title of this book is ambiguous. 'Transforming' can be an adjective describing 'mission'. In this case, mission is understood as an enterprise that transforms reality. 'Transforming' can, however, also be a present participle, the activity of transforming of which 'mission' can be the object. Here, mission is not the enterprise that transforms reality, but something that is itself being transformed."*

Die Afrikaanse subtitel van die studie, "ekologie en sending" wat ek in Engels vertaal sou wou hê as 'ecologising mission' kan op dieselfde wyse as wat Bosch 'transforming mission'<sup>9</sup> hierbo gebruik ook 'n dubbele betekenis-lading hê. Aan die een kant kan dit beteken dat sending 'n onderneming is wat 'n ekologiese dimensie het, omdat sending 'n invloed op die ekologie het. In afdelings A en B word juis na die sending in hierdie verband gekyk. In hierdie geval word die ekologie die subjek van die sending.

Aan die ander kant kan 'ekologie' ook dui op 'n studie waarin die sending nie die subjek van die ekologie is nie maar wel die objek self. In so 'n geval word die sending 'geëkologiseer'.

In afdeling C word die sending se tradisionele paradigma verskuif<sup>10</sup> wanneer die sending geëkologiseer word - die sending dus op weg na 'n ekologiese benadering.

Met 'n ekologiese sendingbenadering word daarom 'n wyer benadering bedoel. Aangesien ekologie (gesien in sy tradisioneel wetenskaplike betekenis-lading) dui op

---

<sup>9</sup> Of as wat Wilson en Ramphela (1989) "uprooting poverty" gebruik.

<sup>10</sup> Met hierdie stelling probeer ek nie voorgee dat ek die eerste is om dit te doen nie. Bosch en selfs enkele ander voor hom het dit reeds suksesvol geïmplementeer.



een organisme se onlosmaaklike verbondenheid aan sy omgewing, suggereer die term ekologie in sy nuwere betekenis dat die politiek, ekonomie, sosiologie en nog meer in bepaalde interafhanklike verhoudinge tot mekaar en tot die omgewing staan. 'n Ekologiese sendingbenadering (of 'n benadering tot die sending vanuit die ekologie) beteken dus dat die sending in sy omvattende verhouding tot die werklikheid bestudeer word. So gesien is die sendingtaak van die kerk inderdaad omvattend en hoewel so iets in feite onmoontlik is, beteken dit egter nie dat 'n mens nie van 'n ekologiese sendingbenadering kan praat nie. Die term ekologiese sendingbenadering, soos wat ek dit gebruik, slaan dus ag op die poging om die sending vanuit so 'n ekologiese perspektief te benader. 'n Mens sou dus kon sê dat 'n ekologiese sendingbenadering daardie poging van die kerk is om die hele evangelie aan die hele wêreld in sy omvangryke nood te bring. 'n Ekologiese sendingbenadering<sup>11</sup> gaan dan primêr oor die koms en die uitbreiding van God se koninkryk in hierdie wêreld<sup>12</sup>.

Een van die punte van kritiek wat ek teen hierdie studie te wagte is, is dat daar beweer kan word dat die verlede geïnterpreteer word deur die bril van 'n postmoderne sendingbenadering van die hede. Dit is my mening dat 'n missiologiese bestudering van die verhouding sending en ekologie onmoontlik is sonder 'n postmoderne holistiese benadering. In sy professorale intreerede wys Hofmeyr (1995) daarop dat die beoordeling van die geskiedenis van die kerk veral ná die era van die logiese positiwisme en die perspektiewe van Popper, Kuhn en andere 'n oop en kreatiewe onderneming is. Hy stel dit as volg (1995:6):

*"Die verlede kan op 'n hele verskeidenheid van maniere verstaan en beskryf word. Die strewe moet nie na eenduidigheid nie maar na meerduidigheid wees en in hierdie wete moet ons openlik oor ons eie vooroordele kan wees en die van andere verstaan en verdra. Ons moet goed verstaan dat geskiedenis nooit 'n weergawe van die werklikheid kan wees nie en dat ons nie na 'n feitegeskiedenis moet strewe nie. In plaas van positivistiese waardes soos onder andere objektiewe feite na te streef waarmee 'n sogenaamde objektiewe geskiedenis geskryf word moet ons verantwoordelik as navorsers te werk gaan. Uiteindelik moet ons ideaal wees om skeppende rekonstruksies en kreatiewe interpretasies te probeer realiseer."*

---

<sup>11</sup> Alhoewel hierdie omskrywing van sending reeds hier as 'n werksdefinisie aangebied word, is dit in werklikheid deel van die resultate van hierdie studie. Vir 'n verdere omskrywing hiervan vergelyk hoofstukke 8 en 9 waar 'n ekologiese sendingbenadering meer volledig omskrywe word.

<sup>12</sup> Ofskoon dit klink soos 'n ou saak is dit inderdaad so dat hoewel bogenoemde "definisie" in die verlede in die sending gebruik is, dit nooit in feite die ekologiese komponent bygebring het nie (vgl Manenschijn 1988:1280).





Toegepas op hierdie studie beteken dit dat alhoewel die generasie sendelinge sedert die vroeë kerk tot in ons tyd nie eens bewus was van hul invloed op die ekologie nie, beteken dit nie dat ons nie die verlede ekologies kan benader nie. Hoewel vroeëre sendelinge nooit die vraag: wat is 'n ekologiese sendingbenadering? aan die orde gestel het nie, is daar wel vandag bewyse dat hul sendingbenadering in die meeste gevalle bestempel kan word as 'n onekologiese sendingbenadering omdat dit deur oorheersing en oorname aan die een kant, en engheid aan die ander kant gekenmerk was.

### 3.5 SENDING EN DIE KERK SE SENDING

Sending is in eerste en laaste instansie God se sending (**missio Dei**) en nooit die sending van mense nie. Tog is dit so dat die missio Dei nie die mens se handeling uitsluit nie. In die mate waartoe God gelowiges op verskillende tye, plekke en maniere gebruik en in sy sending laat deelneem, kan ons praat van die **missiones ecclesiae** - die sendingpogings van die kerk. In Engels dui die enkelvoud "mission" op die missio Dei, terwyl die meervoud, "missions" gebruik word vir die missiones ecclesiae. In Afrikaans gebruik ons egter net die een vorm, nl sending (Möller 1995:252). In hierdie studie verwys die term sending na die missiones ecclesiae tensy anders vermeld.

### 4. AANBIEDING

Soos reeds genoem wil hierdie studie die sending se betrokkenheid by die ekologiese krisis ondersoek en deur 'n prinsipiële-teologiese beredenering, duidelikheid bring oor die missionêre roeping van die kerk in 'n wêreld wat in 'n ekologiese krisis verkeer. Ten einde dit te bereik, word die studie in drie afdelings aangebied.

Afdeling A wil die verband tussen sending en ekologie toon deur die invloed van sending op die huidige ekologiese krisis te ondersoek. Afdeling A is 'n perspektief op die sosio-politieke, sosio-ekonomiese asook sosio-teologiese invloede vanuit die sending wat direk en indirek tot die ekologiese krisis meegewerk het.

Afdeling B is 'n uitbouing van afdeling A, maar plaas die studie en die bevindinge uit afdeling A binne die Suid-Afrikaanse konteks. Waar afdeling A die verband tussen sending en ekologie binne die makrokonteks plaas, is die bedoeling in afdeling B om sending en ekologie binne sy mikrokonteks te hanteer. Met afdeling B wil ek nie voorgee dat ek 'n "groen" Suid-Afrikaanse sendinggeskiedenis skryf nie. Dit moet eerder gesien word as 'n groen perspektief op sendingontwikkelinge van die verlede, wat nuwe ekologiese insigte met betrekking tot die kerk se missionêre roeping bied.

Die proses van antwoord op die kernvraag: "wat is of behoort die rol van die sending in die lig van die ekologiese krisis te wees?", vorm 'n deurlopende lyn wat deur die hele studie telkens na vore kom. Daarom kan die geheel in wese ook beskou word as



'n proses van begripsomskrywing, hoewel die fyner omskrywing in afdeling C aangebied word.

Afdeling C, wat dien as samevattende konklusie sluits die ekologiesekrisis-vraagstuk toe op 'n postapartheid Suid-Afrika.

### **WERKSHIPOTESE**

Met die oog op die skep van 'n werkshipotese vir 'n studie oor sending en ekologie sal die volgende uitgangspunte geld:

- Ekologie en die ekologiese krisis word bespreek teen die agtergrond van drie tydperke uit die geskiedenis: die voorindustriële era, die vroeë industriële era en die volwasse industriële era.
- In die tydperk sedert die industriële rewolusie het die ekologiese krisis ingrypend versnel.

As gevolg van hierdie aanname sal ek kyk na hoe sendingontwikkelinge die industriële rewolusie direk en indirek aangewakker en uitgebou het, en sodoende aan die ekologiese krisis meegewerk het.

Ek wil nie voorgee dat die sending die oorsaak was van die industriële rewolusie nie. Ek wil egter toon dat die sending gehelp het om die nuwe wêreld oop te maak. Binne hierdie proses van oopmaak, was sekere kragte werksaam. Hoewel ek hierdie sendingontwikkelinge, of noem dit dan sendingkragte, van mekaar skei, besef ek dat dit nie altyd moontlik is nie. Sekere kragte was sō nou by mekaar betrokke dat 'n skeiding hiervan nie volledig reg laat geskied aan die sending nie. Tog doen ek dit (in aansluiting by vele ander studies vanuit die sending) om daardeur 'n verband tussen die sending en die ekologie te toon. Die "skeiding" van sendingkragte moet eerder as 'n onderskeiding en nie as 'n volledige skeiding nie gesien word.

Ek sal slegs daardie faktore in die industriële rewolusie en ekologiese krisis bespreek wat direk of indirek met die sending verband hou. Ek aanvaar dus dat daar buiten hierdie oorsake wat ek bespreek, ook ander kan bestaan, maar meen dat die bespreking van sulke oorsake nie juis nodig is in 'n studie rondom sending en ekologie nie.

Ek gebruik dus die volgende hipotese as vertrekpunt:

### **SENDING MOET EKOLOGIES BENADER WORD IN 'N POSTAPARTHEID SUID-AFRIKA**

Ek gebruik die volgende subhipoteses as vertrekpunte:



#### **AFDELING A:**

- (1) Die sending is medeverantwoordelik vir die huidige ekologiese krisis.
- (2) Die medeverantwoordelikheid van die sending in die ekologiese krisis is geleë in bepaalde sendingdenke wat direk en indirek tot 'n stelselmatige vervreemding tussen die mens en sy omgewing sou lei.

#### **AFDELING B:**

- (3) Buiten alle ander oorsake vir die ekologiese krisis in Suid-Afrika is kolonisasie en industrialisasie aan die een kant en apartheid aan die ander kant grootliks vir die krisis verantwoordelik.
- (4) Bepaalde sendingdenke, -handelinge en -ontwikkelinge het aan kolonisasie en industrialisasie aan die een kant en aan die uitbou van apartheid aan die ander kant meegewerk.

#### **AFDELING C:**

- (5) 'n Ekologiese sendingbenadering verreken die kerk se missionêre roeping in 'n postapartheid Suid-Afrika in die lig van die ekologiese krisis.
- (6) 'n Ekologiese sendingbenadering vir Suid-Afrika se mikrokosmos bied 'n antwoord vir sending in die makrokonteks.

### **5 OPMERKINGS**

#### **SUBJEKTIEWE KARAKTER VAN DIE STUDIE**

Dit is alombekend dat 'n mens se kultuur en agtergrond 'n rol in jou godsdiensoefening en religieuse ervaring speel (vgl Bosch 1991:182). Ook wanneer dit kom by teologisering speel 'n mens se kultuur en agtergrond 'n bepaalde rol. Niemand beoefen die geskiedenis of die teologie vanuit 'n neutrale posisie nie. As gevolg hiervan ag ek dit van belang om reeds hier aan die begin van die studie my eie posisie te verduidelik, aangesien dit bepaalde implikasies vir die beoordeling van hierdie studie het. Ek onderneem hierdie studie uit die agtergrond van 'n blanke, manlike Afrikaner en 'n leraar van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Ek onderneem hierdie studie verder teen die agtergrond van my eerste vyf jaar ondervinding in die bediening as:

- (a) Deeltydse Sendingwetenskaplike navorser by die Instituut vir Teologiese Navorsing aan UNISA;



(b) Algemene Sekretaris van die **Interkerklike Komitee vir Nywerheidsbediening**, met 'n blootstelling aan die industriële konteks van Suid-Afrika. In hierdie pos het ek wye ekumeniese blootstelling opgedoen;

(c) Jeugleraar van 'n voorstedelike makrogemeente wat besig is om 'n besondere en unieke eietydse missionêre visie te ontwikkel.

Vanuit hierdie agtergrond besin ek oor die unieke sendingroeping van die kerk op die voorrand van die een-en-twintigste eeu. Teologiese navorsers, nywerheidsendelinge, predikante en lidmate begin wel die belang van 'n ekologiese gerigtheid vir die wêreld besef, maar ongelukkig word aksie in dié verband aan die sekulêre wêreld oorgelaat. Daar is bitter min mense wat besef dat 'n ekologiese gerigtheid veronderstel is om deel uit te maak van die visie van die kerk. Daarom vertrou ek dat die stimulus en resultate van hierdie navorsing as impetus kan dien vir verdere ekologiese betrokkenheid van akademici, nywerheidsendelinge, predikante en alle lidmate van die kerk van Jesus Christus in Suid-Afrika.

Ek aanvaar dat dieselfde studie vanuit 'n ander verwysingsraamwerk ander moontlike resultate mag oplewer. Ek besef ook dat so 'n studie dalk ander aanverwante sake sterker sal aksentueer en ander minder as dié waarop ek sal konsentreer.

In hierdie proefskrif sal ek grotendeels fokus op die **hoofstroomkerke** en die "sendingkerke" en nie op die Afrika-Onafhanklike Kerke nie. Ek is wel bewus van die aktiwiteite van **The Zimbabwe Institute of Religious Research and Ecological Conservation (ZIRRCO)** van professor ML Daneel, maar ek het besluit om my op hierdie manier te beperk omdat ek in hierdie studie die sending wil bestudeer soos wat dit uit die Weste na Suid-Afrika en die res van die wêreld beweeg het. Hiermee gee ek toe dat my studie wel soos enige ander studie beperkinge inhou. Die hele veld van die ekologie, en die sending is in elk geval só wyd dat dit onmoontlik is om volledig reg aan hierdie onderwerp te laat geskied.

Met hierdie studie en sendingbenadering beoog ek nie om die eerste en die laaste woord oor sending en ekologie te sê nie.

Ek wil nie voorgee dat ek besliste antwoorde vir die sending op die ekologiesekrisis-vraagstuk het nie. Ek wil maar net in bescheidenheid enkele insigte probeer verken.

In my beoordeling van die aandeel wat die sending tot die ekologiese krisis dra, wil ek nie ewe skielik vanuit 'n veilige postapartheidposisie 'n oordeel oor die sending in Suid-Afrika fel nie. Die bedoeling is eerder om retrospektiewe kritiek op die sending in Suid-Afrika te lewer ten einde nuwe insigte vir die toekoms te open.





## AFBAKENING VAN DIE STUDIE

'n Geldige punt van kritiek wat teen hierdie studie ingebring sou kon word, is dat die onderwerp van ekologie en sending s6 wyd is dat die aanpak van so 'n studie 'n onmoontlikheid is. Verskeie teoloë het die keuse van hierdie onderwerp gekritiseer. Bosch het egter in die skryf van **Transforming Mission** daarop gewys dat die uitdaginge van ons tyd s6 groot is dat enige hedendaagse studie 'n interdisiplinêre gewaagdheid impliseer (1991:188-189).

Betreffende die ekologie beskou Capra (1987:519), die veranderende wêreldbeskouing van ons tyd as 'n "ganzheitlich-ökologischen" (omvattende ekologiese). Indien die wêreldbeskouing hierheen neig, is 'n studie oor die ekologie en sending dus onvermydelik, al hou dit 'n bepaalde gevaar en gewaagdheid in. Bosch beweer juis dat ons nie vir hierdie uitdaging moet terugdeins nie (1991:189):

*"The new situation challenges us, across the board, to an appropriate response. No longer dare we, as we have often done, respond only piecemeal and ad hoc to single issues as they confront us."*

Daar bestaan nie so iets soos goedkoop antwoorde vir die ekologiese krisis nie, maar die feit dat die krisis steeds feller raak noodsaak teoloë om meer indringend op hierdie krisis te reageer (vgl McDonagh 1986:191).

Martin (1987:378) beweer dat die kontemporêre wêreld ons uitdaag tot 'n interaktiewe, transformerende hermeneutiek. Van so 'n benadering sal mens tereg kan sê dat dit 'n multidimensionele (of holistiese) werkswyse vra, aangesien dit aansluit by al die verskillende fasette van wat sending is, te wete: heil, vrede, geregtigheid, evangelisasie, getuenis, bevryding, versoening en nog vele meer. Dit beteken egter nie dat hierdie studie daarom die plek gaan wees waarin daar op 'n detailanalise ingegaan sal word op wat elke aspek van sending, soos bv sending as bevryding, of die rol van ontwikkeling en sending in sy geheel behels nie. Daarvoor sou tientalle afsonderlike studies nodig wees. Daar word slegs in breë trekke gewys op wat 'n ekologiese sendingbenadering in terme van byvoorbeeld geregtigheid en bevryding behels.

Dit was Stoker wat reeds in 1961 die gevaar van 'n wetenskaplike benadering wat te sterk atomisties is en wat sou lei tot oorspesialisasie ten koste van 'n meer holistiese benadering aangetoon het. Hy meld die volgende (1961:16,17):

*"Oorspesialisasie is die huidige gevaar. Oorspesialisasie verbreek die eenheid van die wetenskap, laat die wetenskap in stukke uiteenva1 en is 'n hipertrofie van die intellek... Spesialisasie as doel op homself vernietig ook die band tussen wetenskap en lewens- en wêreldbeskouing."*



Een van die eerste en enigste studies<sup>13</sup> wat nog tot dusver op die gebied van sending en ekologie onderneem is, was 'n studie wat deur die Departement Omgewingsake aan 'n navorsingspan van die Universiteit van Kaapstad in 1992 opgedra is. In die inleiding van hierdie studie stel die skrywers dit dat een van die probleme met navorsing op hierdie gebied die volgende is:

*"An enormous body of literature and extensive archival material, much of it extremely disorganised, refers to the activities of missionaries in South Africa" (Japha et al 1993:7).*

Hulle gaan dan voort deur die aandag daarop te vestig dat:

*"detailed examination of all this material was beyond the possible scope".*

Om enigsins dié studie te kon onderneem, moes daar doelbewus sekere seleksies gedoen word, en is die hulp van 'n opgeleide historikus met 'n spesialisasie in omgewingstudies ingeroep (Japha et al 1993:7).

Ek het uit hierdie navorsingservaring geleer. Daarom het ek eers bestaande navorsing op die gebied van ekologie, sending, industriële ontwikkeling en sending, sending en apartheid, en apartheid en ekologie deurgewerk. Toe kon ek 'n hipotese vorm waardeur 'n venster geopen kon word op ekologie en sending. Dat sommige dit sal afmaak as onwetenskaplik, mag wel wees. Lubbe (1994:64) maak dit duidelik dat navorsing juis bemoeilik word weens die feit dat die ekologiese krisis so wyd en veelgeskakeerd is (vgl Manenschijn 1988:128). Hy meld die volgende:

*"Die feit dat daar oor vakgrense heen na oplossings gesoek moet word, bemoeilik die taak verder. Voorafgaande bring mee dat navorsers hulle op ingewikkelde terreine moet begeef - terreine wat dikwels ver verwyder is van hulle tradisionele opleidingsvelde."*

Ook dit het in hierdie studie gebeur. Ek is egter daarvan oortuig dat indien 'n eerste stap in hierdie rigting nie nou daadwerklik gedoen word nie, ongeag die kritiek wat dit mag uitlok, die ontginningsveld nog vir geruime tyd braak sal lê, tot groot nadeel van die koninkryk van God in Suid-Afrika.

Ek erken dat hierdie studie maar een van vele maniere is waarop 'n studie oor sending en ekologie aan die orde gestel kan word. Daarom, in aansluiting by die metafoor wat Bosch aan Martin (1987:370-385) en andere ontleen het, is hierdie studie ook slegs "n kaart" en nie "die gebied" self nie. Juis dit wil die woorde "Op weg" in die titel suggereer. Ek probeer geensins voorgee dat ek met hierdie studie 'n ekologiese

---

<sup>13</sup> Japha, Derek (et al.) 1993. *Mission settlements in South Africa. A Report on their historical background and prospects for conservation. Commissioned by The Department of Environmental Affairs. University of Cape Town: Cape Town.*



sendingbenadering uitgevind het nie. Hierdie studie is 'n poging waarin ek kreatief en nuut wil dink oor die kerk se roeping in 'n postapartheid Suid-Afrika.

Ten slotte. Dit sou natuurlik onmoontlik wees om in 'n studie soos hierdie die volledige geskiedenis van die kerk vanuit 'n ekologiese perspektief onder die vergrootglas te neem. Om hierdie rede vermy ek doelbewus die woord histories in die opskrifte van afdelings A en B. Hoewel ek tog enkele momente vanuit die sendinggeskiedenis in die breë bekyk, is die bedoeling daarmee om die verband tussen sending en ekologie neer te lê. Daarom moet afdelings A en B nie as 'n ekologiese geskiedskrywing van die sending gesien word nie, maar eerder as 'n ekologiese perspektief op die sending van die verlede.

#### **VOETNOTAS EN AANHALINGS**

Daar sal gemerk word dat ek in hierdie studie heelwat gebruik maak van direkte aanhalings. Buiten die feit dat ek my aangetrokke voel tot 'n skryfstyl waarin ek iemand aan die woord stel, vra die nuutheid van hierdie onderwerp myns insiens juis om so 'n skryfstyl sodat lesers kan sien in watter mate my argumentasielyn en die hantering van my hipotese by ander navorsers aansluit.

#### **SEKSISTIESE TAALGEBRUIK**

Ek is bewus van die fyngvoeligheid oor seksistiese taalgebruik. In hierdie studie het ek egter verkies om ter wille van leesgerief nie telkens dubbelvorme of notas te gebruik nie, maar om so ver moontlik hinderlike taal te vermy. Met hierdie keuse wil ek nie doelbewus teen enige persoon of groep in die aanbieding van hierdie navorsing diskrimineer nie.

#### **EIE AARD VAN DIE STUDIE**

Soos reeds vermeld, maak hierdie studie geen aanspraak daarop dat dit heeltemal nuwe navorsing bevat wat nog nooit vantevore onderneem is nie. Die eie aard van hierdie studie lê myns insiens in die feit dat dit bestaande navorsingsresultate aanwend tot 'n nuwere verstaan van die verhouding sending en ekologie. Hierdie studie sou geensins moontlik gewees het indien ek nie kon steun op vorige navorsingsresultate van teoloë, sosioloë, ekonome en historici, wat soms in hul navorsing geensins die ekologie as fokuspunt in gedagte gehad het nie. Baie van hul navorsing het ek benut omdat hulle dikwels onwetend besig was om 'n bepaalde perspektief op sending en ekologie te open.



## 6 DANK

Ek erken graag die volgende instansies se finansiële ondersteuning vir hierdie navorsing:

- Die Sentrum vir Wetenskapontwikkeling (SWO) van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN).
- Die Stichting Studiefonds voor Zuid-Afrikaanse studente vir 'n navorsingsbeurs in Nederland.
- Die Van Ewijck-Stichting vir die toekenning van 'n reisbeurs na Nederland.

Uiteraard is die menings in hierdie proefskrif en gevolgtrekkings waartoe geraak is dié van myself en moet dit nie noodwendig aan bogenoemde instansies toegeskryf word nie.

'n Woord van dank aan die volgende persone en instansies.

- My opregte dank aan professor Dons Kritzinger wat met sy oop en kreatiewe benadering en idees by my 'n liefde vir die Sendingwetenskap laat ontwikkel het.
- Professore HOFFIE Hofmeyr, Piet Meiring, Klippies Kritzinger en Willem Saayman wat 'n groot vormende invloed op my denke gehad het.
- My opregte dank aan die volgende Nederlandse akademië en teoloë: Professore Jan Jongeneel; Henk Tielman en dr Martien Brinkman vir hulle gesprekke en hulp tydens my studieverblyf in Nederland.
- Dr Robert van Drimmelen, sekretaris van sosio-ekonomiese aangeleenthede by die Wêreldraad van Kerke in Genève, vir 'n uiters leersame gesprek en die aanstuur van relevante materiaal insake ekologiese en ekonomiese aangeleenthede.
- My opregte dank aan verskeie vriende en kennisse verbonde aan die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK) en die Interkerklike Komitee vir Nywerheidsbediening (IKN) vir baie vormende en opbouende gesprekke rondom hierdie tema.
- Die Instituut vir Teologiese Navorsing asook die Departement Missiologie aan UNISA vir die geleentheid van drie jaar se stimulerende en vormende navorsing aan die Sendingwetenskap-projek en aan die CB Powell Bybelsentrum.
- Mej Thea Heckroodt vir haar puik en altyd vriendelike diens wat sy oor jare in die biblioteek vir hierdie navorsing gelewer het.





- Mev Elza Schutte vir haar eindelose moeite en vriendelike geduld met die taalversorging.
- Marlene Musk en Amoré Malherbe vir die grafiese versorging.
- My ouers vir hulle aanmoediging, gebed en ondersteuning deur al die jare. Ook my opregte dank aan my skoonouers vir hulle liefde, aanmoediging en belangstelling in hierdie studie.
- Aan God die dank vir sy roeping, die verskillende en vreemde weë waarop Hy my geneem het, sy getrouheid en inspirasie.
- Laastens aan my vrou Hesti. Sonder haar liefde, haar oog vir die nood in die wêreld en haar onderskraging sou hierdie navorsing nie moontlik gewees het nie.

**Ek dra hierdie studie graag aan haar op.**